# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

**Gelykheid**

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



**Menswaardigheid**

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



**Lewe**

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



**Gesin en familie**



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

**Onderwys**

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



**Werk**

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



**Vryheid en sekuriteit**



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op `n vreedsame manier.

**Eiendom**

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



**Religie, oortuiging en menings**

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



**Veiligheid**



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

**Burgerskap**



Wees `n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

**Vryheid van uitdrukking**

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



ISBN 978-1-4315-0071-0
9 781431 500710

Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 3 – BOOK 2
TERMS 3 & 4
ISBN 978-1-4315-0071-0
14th Edition
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.

*Werkboeke beskikbaar in hierdie reeks:*


- *Graad R (in al die 11 amptelike tale);*
- *Huistaal Graad 1 tot 6 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Wiskunde Graad 4 tot 9 (In Afrikaans en Engels);*
- *Lewensvaardigheid Graad 1 tot 3 (In al die 11 amptelike tale);*
- *Engels Eerste Addisionele Taal Graad 1 tot 6.*

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 3 Boek 2

ISBN 978-1-4315-0071-0

Hersien volgens die KABV





Naam: | Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


Graad 3

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 2
Kwartaal 3 & 4



Mev. Angie Motshekga,
Minister van
Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule,
Adjunkminister van
Basiese Onderwys

Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.

Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.

# Die leesproses


## Pre-lees





- Vra jouself af wat jy reeds oor die onderwerp weet.
- Let op die outeur en die datum van publikasie.
- Lees die eerste en laaste paragraaf van elke afdeling.
- Probeer voorspel waaroor die teks sal handel.


## Lees






- Maak terwyl jy lees seker dat jy verstaan.
- Vergelyk jou voorspellings met wat jy lees.
- Indien jy die betekenis van onbekende woorde nie kan uitwerk nie, gebruik 'n woordeboek.
- Indien jy 'n afdeling nie verstaan nie, lees dit stadig weer deur. Lees dit hardop.

## Post-lees





- Probeer om spesifieke inligting te onthou.
- Maak 'n geheuekaart van sleutelgedagtes.
- Maak 'n opsomming om jou te help om die sleutelgedagtes te onthou.
- Gebruik idees uit tekste wat jy lees in jou eie skryfstukke.

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Fourteenth edition 2024

ISBN 978-1-4315-0071-0

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

# Graad 3

Rainbow WORKBOOKS

# Huistaal

## IN AFRIKAANS

Hierdie boek behoort aan:



AFRIKAANS

Boek 2

# RIGLYNE VIR ONDERWYSERS

Hierdie Werkboek moet tesame met u ander hulpbronne gebruik word, terwyl u deurlopend die volgende basiese begrippe van gedrukte media by leerders ontwikkel:

- → **Boekhantering:** Die korrek wyse waarop die boek vasgehou moet word en daardeur geblaai moet word.
- → **Boekkonsep:** Die voorblad, agterblad, titel en inhoudsopgawe.
- → **Rigting:** Lees van voor na agter, van links na regs en van bo na onder.

### ONDERRIGWENKE

## Luister en praat:

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 11. Leerders moet weekliks aan stories, rympies, gedigte en liedjies blootgestel word.

## Prentebesprekings

1. Begelei die leerders om:
   - → voorwerpe in die prente volgens grootte, vorm, kleur en hoeveelheid te identifiseer en te bespreek
   - → die prent te interpreteer deur vrae te vra: wie, wat, waar, wanneer, waarom, wat het vooraf gebeur, wat het later gebeur?
   - → 'n klasstorie saam te stel (waarvan die lengte deur die leerders se ontwikkelingsvlakke bepaal sal word)
2. Laat die leerders die klasstorie aan 'n maat oorvertel.
3. Modelleer die skryf van die klasstorie (KABV Huistaal bl. 12, Gedeelde skryf). Maak die leerders deurgaans van die gebruik van hoofletters, spasiëring en leestekens bewus.
4. Laat die leerders die klasstorie dan saam met u lees.
5. Laat die leerders die betrokke week se klanke en/of taalstrukture in die klasstorie onderstreep/ omkring..

## Lees

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 12 – 19, rakende die vyf hoofkomponente van leesonderrig.

## Skryf

Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesserringsbeleidsverklaring (Afrikaans Huistaal), bl. 19 – 20, rakende handskrif en die skryfproses. Teen die einde van die kwartaal gaan leerders oor van drukskrif na lopende skrif of skrif met verbindings. Handskriflesse fokus op die inoefening van kleinletters en hoofletters en die verbindings wat vir die nuwe skrif nodig is. Leerders moet teks in drukskrif (bv. 'n gedeelte uit 'n boek) in lopende skrif kan oorskryf.

***Hou die volgende in gedagte:***

- → Leerders se leervoorkeure verskil. Dit is belangrik dat leerders visueel, ouditief en kinesteties (ervaringsleer) gestimuleer moet word sodat effektiewe leer kan plaasvind.
- → Leer vind deur middel van herhaling plaas.
- → Leerders moet leer ervaar, dus moet aktiwiteite prakties geoefen word voordat dit skriftelik voltooi word, bv.:

  **Woordbou:** Laat leerders woorde met letterkaarte bou.

  **Begripsvrae:** Laat leerders die antwoorde eers mondelings in groepverband voltooi voordat hulle dit skriftelik voltooi. Die groepleier stel die vrae terwyl die groeplede die antwoorde soek en die vrae beantwoord.

  **Keuse van woorde om sinne te voltooi:** Voorsien onvoltooide sinstroke met woordkaarte aan die groepe. Laat die leerders die sinne voltooi deur die woordkaarte op die korrekte plekke te plaas.

  **Keuse van woorde wat by prentjies pas:** Vergroot die blad tot A3. Leerders pak in groepverband tellers op die korrekte antwoorde.

  **Voltooiing van sinne deur kolomme te verbind:** Leerders kies in groepverband die sinstroke wat by mekaar pas.

  **Skryf van 'n eie koerantberig:** Skryf eers 'n klaskoerantberig en dan 'n groepkoerantberig voordat die leerder sy/haar eie koerantberig skryf.

  **Woordeboeke:** Maak daagliks van woordeboeke gebruik. Leerders se vermoëns bepaal die moeilikheidsgraad van aktiwiteite. Dit mag soms nodig wees om 'n bladsyverwysing te voorsien.

**Nota:** Voorsien die groepleier tydens groepaktiwiteite van 'n antwoordstel sodat hy/sy die korrekte leiding aan groeplede kan gee.

Inhoud

# Tema 5: Ná die vakansie



Kwartaal 3: Week 1 – 4


**65 Terug skool toe ná die vakansie** 2

Lees 'n verhalende teks oor terugkeer skool toe vir die derde kwartaal.
Lees items op 'n kennisgewingbord.
Maak 'n lys van die items op die kennisgewingbord.
Vul inligting uit die teks op 'n tabel in.
Sorteer woorde in die korrekte kolomme (woorde met -aa-, -ee-, -oo- en –uu-).

**66 Wat ons ná skool doen** 4

Gesels oor sport, speletjies en stokperdjies.
Stel 'n rooster op.
Skryf sinne oor naskoolse aktiwiteite.
Skryf 'n dagboekinskrywing oor die terugkeer skool toe ná die vakansie.
Lees 'n piktogram en beantwoord vrae daaroor.
Maak 'n plakkaat om 'n sportsoort of stokperdjie te adverteer.

**67 Santjie se geheim** 6

Lees 'n verhalende teks.
Beantwoord meerkeusevrae oor die teks.
Soek antonieme (teenoorgesteldes) vir woorde in die teks.
Nommer die sinne in die korrekte volgorde.

**68 Gevoelens** 8

Praat oor die hoofkarakter.
Voer 'n rolspel oor die storie op.
Skryf 'n dagboekstukkie oor die dag se gebeure.
Lees en resiteer 'n gedig oor vriendskap.
Maak 'n vriendskapkaartjie en skryf 'n kort versie daarop.
Sorteer woorde in die korrekte kolomme (woorde met -ie-, -ou-, -oe- en -ui-).
Skryf sinne met 5 van die woorde.

**69 'n Skool in die nuus** 10

Lees 'n koerantberig.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Die meervoud van woorde met 'n kort vokaal in die middel.
Skryf sinne met 5 van die woorde.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Skryf die woorde in alfabetiese volgorde.

**70 My eie koerant** 12

Gesels oor nuus van die skool en die huis, en nuus van maats.
Vul idees op 'n breinkaart in.
Identifiseer sinsoorte (stelsin, vraagsin, bevelsin en uitroepsin).
Skryf sinne om die betekenisse van homofone duidelik te maak.
Skryf 'n koerantberig met behulp van die breinkaart.

**71 Veiligheid** 14

Lees dialoog en onderskrifte.
Skryf 'n slot vir die dialoog.
Vul 'n praatborrel in deur die direkte rede te gebruik.
Verbind name met voornaamwoorde.
Sorteer woorde in die korrekte klankkolomme (woorde met -eu-, -ei-, -ooi- en –oei-).

**72 Wat het hulle gesê?** 16

Bespreek die beste slot vir 'n storie.
Voer 'n rolspel oor die beste storie op.
Skryf sinne in die direkte rede oor.
Verbind klanke met -oe- en -ou- om woorde te maak.

**73 'n Brief aan 'n maat** 18

Lees 'n brief.
Beantwoord vrae op grond van die brief.
Kies die korrekte voornaamwoorde.
Identifiseer sinonieme.

**74 Mandla is 'n kampioen** 20

Skryf 'n kaartjie van gelukwensing.
Skryf sinne oor dinge wat hy of sy goed kan doen.
Die meervoud van woorde met 'n lang vokaal in die middel
Vul die korrekte voornaamwoorde in.
Doen 'n blokkiesraaisel oor verskillende sportsoorte.

**75 Biblioteekdag** 22

Lees 'n teks oor die biblioteek.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Sorteer woorde in die korrekte klankkolomme (woorde met -oei-, -eeu, str- en sw-).
Kombineer frases om sinne te vorm.
Verbind klanke met -or- om woorde te maak.

**76 Boeke lees** 24

Beantwoord vrae oor 'n boek wat hy of sy gelees het.
Skryf sinne oor die dinge waarvan hy of sy gehou het.
Identifiseer die titels en die skrywers van boeke.
Voorspel waaroor elke boek handel.
Nommer die boeke in volgorde volgens voorkeur.

**77 Ons besoek die sirkus** 26

Lees teks oor die sirkus.
Die meervoud van woorde met -ng.
Maak sinne met 5 van die woorde.
Beantwoord vrae oor die teks.
Gebruik werkwoorde om sinne te voltooi.
Identifiseer bywoorde.

**78 Wat het van Danie geword?** 28


Voer 'n rolspel op oor wat Danie by die sirkus gedoen het.
Skryf 'n dagboekstukkie vanuit Danie se oogpunt.
Identifiseer die werkwoorde in die dagboekstukkie.
Identifiseer bywoorde van tyd, plek en wyse. Identifiseer die werkwoorde wat deur die bywoorde beskryf word.
Die verkleining van woorde met -ng.
Gebruik 5 van die woorde om sinne te skryf.


**79 Ons geniet klanke** 30

Sorteer woorde met -oo-, -ou-, -ui-, -uu-, -ei-, -oe-, -aa- en -ie-.

**80 Skryf jou storie** 31

Gesels oor 'n storie wat hy of sy gaan skryf.
Stel 'n storieplan op.
Maak 'n knipselboek.



# Terug skool toe ná die vakansie



**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



**Ons lees**

Goeie môre, klas.

Welkom terug na die vakansie. Ons is nou in die derde kwartaal. Ek hoop julle sal almal hard werk. Dit is nog baie koud. As jy dalk 'n trui of 'n baadjie het wat te klein is vir jou, bring dit asseblief skool toe sodat ons kinders kan help wat nie warm klere het nie.

As jy na die kennisgewingbord kyk, sal jy sien ons het hierdie kwartaal baie aktiwiteite. Ek hoop jy sal daaraan kom deelneem.

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 – 2 nm | Netbal<br>Naaldwerkklub | Sokker<br>Netbal | Skooltoneel<br>Sokker | Sokker<br>Biblioteek | Netbal |
| 2 – 3 nm | Atletiek | Skooltoneel | Atletiek | Koor | Biblioteek |

Op Saterdag 30 Julie besoek die Graad 3-klas die sirkus.

Die Graad 3-klas sal tydens pouse op Vrydag 21 Julie koek en lekkers verkoop.

GEVIND
'n Meisiesbril
Vra by die sekretaresse se kantoor.

VERLORE KAT
As jy my swart kat met wit pote kry, kontak my asb. Lucy, Graad 3.

Kontak asseblief mev. Ndlovu as jy tydens pouse in die biblioteek wil help.

Datum: ______________________

**Ons skryf** Kyk na die kennisgewingbord en beantwoord die volgende vrae.

Wat het weggeraak? ______________________



Wanneer word koek en lekkers verkoop? ______________________

Dink jy dit is goed dat 'n skool 'n kennisgewingbord het, en hoekom sê jy so?

______________________

Wie is in beheer van die biblioteek? ______________________

**Ons skryf** Kyk na die skoolrooster op die kennisgewingbord en vul dan die dae en tye van elke aktiwiteit in.

| Vul die naam van die aktiwiteit in | Dae | Hoe laat |
|---|---|---|
|  | | |
|  | | |
|  | | |
|  | | |
|  | | |

**Werk met woorde** Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf nou jou eie vyf sinne in jou klaswerkboek.

geen vaar vee praat skoon suur soos vuur

| straat | skree | boon | uur |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |


**Sigwoorde**

waarvan
word
waarin
vandag

ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Wat ons ná skool doen





Ons praat


Praat met jou maat oor die sport, speletjies of stokperdjies waarvan jy hou.

Skryf neer wat jy elke dag ná skool doen. Ons skryf



My rooster

| Tyd | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| 2–3 nm | | | | | |
| 3–4 nm | | | | | |



Ons skryf Skryf 6 tot 8 sinne oor wat jy ná skool by die huis doen.

Skryf nou in jou dagboek hoe jy gevoel het toe jy ná die vakansie weer skool toe gekom het.



Liewe Dagboek Datum ____________


Datum:



## Ons skryf

Kyk na die piktogram en beantwoord dan hierdie vrae.








| | |
|---|---|
| Wat is die gewildste naskoolaktiwiteit? | |
| Van watter aktiwiteit hou die kinders die minste? | |
| Hoeveel kinders hou van drama? | |
| Van watter naskoolaktiwiteit hou jy die meeste? | |



## Vir die pret

Maak 'n plakkaat om jou sport of stokperdjie te adverteer. Jou plakkaat moet mense aanmoedig om aan jou sportsoort of stokperdjie deel te neem.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 67 Santjie se geheim

**Ons praat** Kyk na die prent en gesels daaroor. Stel 'n klasstorie saam.



**Ons lees**



Alhoewel dit soggens koel is, word dit teen die middag warm. Die kinders hou daarvan om tydens pouse in die warm son rond te hardloop. Dan trek hulle die truie uit wat hulle oor hulle hemde aanhet.

Santjie kry baie warm maar sy trek nie haar trui uit nie. Die trui steek haar geheim weg. Arme Santjie het 'n groot gat in haar hemp se agterpant gebrand toe sy dit gestryk het. Sy hou haar trui aan om die gat weg te steek. Haar ma sê sy sal volgende maand vir Santjie 'n nuwe hemp koop want sy het nie nou geld nie.

Santjie vaar die beste in haar klas in lees en somme. Haar juffrou wys dikwels haar werk vir die res van die klas. "Sjoe, dis koel!" roep die kinders uit. Tydens pouse speel Santjie en haar maats, Pam en Busi, hulle gunstelingspeletjie, wegkruipertjie.

Wanneer hulle ná pouse weer by die klas kom, kry die kinders warm van die gerondhardlopery. Hulle trek almal hulle truie uit, maar Santjie hou hare aan.


Datum:




Busi sien dat Santjie treurig lyk en baie warm kry.

Sy fluister in haar oor. "Ek weet hoekom jy nie jou trui wil uittrek nie. Maar moet jou nie bekommer nie, Santjie. Ek sal vir jou een van my ekstra hemde gee."

Santjie is baie bly dat sy nie nog 'n hele maand lank haar trui hoef te dra nie. Sy sal nie meer so warm kry en so moeg word nie.





**Ons skryf** Lees die storie weer en omkring die letter langs die regte antwoord.

| Met wie het Santjie altyd gespeel? | |
|---|---|
| A | Busi en Pam |
| B | Bongi en Anita |
| C | Busi |
| D | Bongi |

| In watter seisoen het hierdie storie hom afgespeel? | |
|---|---|
| A | Somer |
| B | Winter |
| C | Herfs |
| D | Lente |

| Kies een woord wat Busi die beste beskryf. | |
|---|---|
| A | Stout |
| B | Sorgsaam |
| C | Slim |
| D | Treurig |

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.

Kyk na die eerste drie paragrawe van die storie. Kry twee woorde wat die teenoorgesteldes (antonieme) van die volgende twee woorde is.

klein ____________________


slegste ____________________

Die volgende sinne vertel vir ons Santjie se storie. Nommer die sinne in die blokkies van 1 tot 4 om te wys hoe die dele van die storie op mekaar volg.

| | |
|---|---|
| | Busi het belowe om vir Santjie 'n hemp te gee. |
| | Santjie is hartseer omdat sy 'n gat in haar hemp se agterpant gebrand het. |
| | Sy moet wag tot haar ma genoeg geld het om vir haar 'n nuwe hemp te koop. |
| | Santjie wil nie haar trui uit trek nie want hy steek haar geheim weg. |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 68 Gevoelens



**Ons praat** Praat oor hoe Santjie gevoel het. Dink jy Busi was 'n goeie maat? Hoekom dink jy so? Dink 'n rolspel uit van die storie.



**Ons skryf** Verbeel jou jy is Santjie. Skryf 'n dagboekstukkie waarin jy vertel wat vandag gebeur het. Sê hoe jy gevoel het.



Liewe Dagboek  Datum ____________

______________________________


______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________




**Ons lees** Lees hierdie gediggie oor maats. Sê dit hardop saam met jou maats. Omkring die woorde wat rym met dieselfde kleur.

Rymwoorde se eindklanke klink dieselfde.



Ons gesels dat dit klap,
Ons gaan ver ente stap,
Ons deel 'n sambreel wanneer dit reën.
Ons hardloop saam rond,
Ons speel met die hond,
As dit by leer kom, werk ons soos een!






Datum:

## Vir die pret

Maak vriendskapkaartjies vir twee van jou maats. Jy kan 'n kort gediggie op een van hulle skryf.





**Sigwoorde**

- alles
- beste
- daardie
- dinge



## Werk met woorde

Vul die woorde in die regte kolomme in. Lees die woorde en luister na die klanke. Skryf nou jou eie vyf sinne in jou klaswerkboek.

vatdoek benoud fortuin bedien

getroud soen kruin tien

| sien | voer | goud | bruin |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 'n Skool in die nuus



Ons lees

Kyk na die prent en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.



## Kindernuus

### Laerskool Jakaranda wen weer die opruimingsprys!

deur Jenny Smith 12 Augustus 2015

Dit is die tweede jaar dat die kinders van die Laerskool Jakaranda die park opruim.

Verlede Saterdag het 60 kinders van die Laerskool Jakaranda die park naby hulle skool skoongemaak. Die kinders het die rommel opgetel. Daarna het hulle die rommel gesorteer en in verskillende sakke gepak sodat dit herwin kan word. Die skool sal die geld gebruik om boeke vir die skoolbiblioteek te koop. Die skoolhoof, mev. K Nkuna, sê die kinders het baie uit die opruiming van die park geleer. Hulle het eerstens geleer hoe om die omgewing op te pas. Tweedens weet hulle nou watter soort



papier en karton herwin kan word.

Bongi Shabalala, 'n graad 3-leerling, het gesê: “Ons het baie geleer en baie pret gehad.” Nog 'n graaddrietjie, Danie Smit, se reaksie was: “Dit was harde werk maar ons het die dag baie geniet!”

Die burgemeester gaan aan die klas 'n prys oorhandig vir hulle groot skoonmaakaksie.

Datum:



Ons skryf

Beantwoord die volgende vrae.



| | |
|---|---|
| Watter skool was in die nuus? | |
| Wat is die naam van die koerant? | |
| Kyk weer na die koerantberig om uit te werk wanneer die skool die park opgeruim het. Skryf die datum neer. | |
| Wie is die hoof van die skool? | |
| Dink die skoolhoof die opruiming is 'n goeie plan? Sê waarom. | |
| | |
| | |




Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

**Spelreël:**
*Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die slotmedeklinker in die meervoud en kom -e by.*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| pet | pette | wip | wippe | nar | narre |
| vel | velle | mus | musse | mes | messe |
| kol | kolle | pit | pitte | net | nette |

**Sigwoorde**
jaar
graad
bank
deur



Ons skryf

Verdeel die volgende woorde in verskillende lettergrepe.



| |
|---|
| op/rui/ming |
| skoolhoof |
| omgewing |
| tweede |
| Saterdag |



Skryf nou die woorde in alfabetiese volgorde.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |
| 5 | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# My eie koerant





Ons doen

Jy gaan op bl. 13 'n nuusberig skyf. Vertel vir jou maat waaroor jou nuusbeig gaan handel. Gebruik hierdie breinkaart om jou nuusberig te beplan.

Wat het gebeur?

Wie is betrokke?




Opskrif van berig



Waar het dit gebeur?


Hoe voel jy oor wat gebeur het?



Ons skryf

Skryf in die regterkantse kolom watter soort sin elkeen is.
Skryf elke sin dan met die regte leestekens oor.

stelsin | vraagsin | bevelsin | uitroepsin



| | |
|---|---|
| ek hou van lekkers | |
| Ek hou van lekkers. | stelsin |
| help ek is in die moeilikheid | |
| | |
| danie jy moet betyds wees vir skool | |
| | |
| hou jy van voëls | |
| | |

Datum:



Ons skryf

Skryf 'n sin met elk van hierdie woorde om hul betekenisse duidelik te maak.

**Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse, bv.: My pa se swaer het die swaar tas opgetel.

| | |
|---|---|
| nood | |
| noot | |
| styl | |
| steil | |



Vir die pret

Kyk weer na jou breinkaart op die vorige bladsy. Gebruik jou aantekeninge oor jou nuus om jou te help om 'n storie vir hierdie koerant te skryf.



Vul die naam van die koerant in.

Opskrif van berig

Vul jou eie naam in. Datum

Wat het gebeur?

Waar het dit gebeur?

Hoe voel jy oor wat gebeur het?

Teken 'n prentjie wat wys wat in jou storie gebeur het.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 71 Veiligheid



Ons lees

Vul die praatborrels in om te wys wat Jan en Jabu vir mekaar sê.





Toe Anita en Bongi uit die skool kom, sien hulle hoe 'n motor by 'n meisietjie stilhou.

1





2




Anita en Bongi roep die meisietjie en neem haar weg.

3



Jan en Jabu skryf die nommer van die nommerplaat neer. Toe…

4

Datum:

**Ons skryf**

Skryf nou 'n einde vir die storie waarin jy vertel wat jy dink volgende gebeur het.

| |
|---|
| |
| |
| |
| Dink jy Anita en Bongi het vir die meisietjie omgegee? Waarom dink jy so? |
| |

**Ons skryf**

Trek 'n streep van die woorde links na die voornaamwoorde regs.

'n **Voornaamwoord** staan in die plek van 'n naamwoord.

| | |
|---|---|
| Bongi | hy |
| Bongi en Anita | sy |
| Sarel | ons |
| Jy en jou maat | hulle |
| Ek en my maat | julle |

**Sigwoorde**

einde

begin

middel

**Werk met woorde**

Vul die woorde in die korrekte kolomme in.


skeur, koei, brei, lei, deur, sprei, gooi, mooi, reuk, roei, rooi, skroei




| eu | ei | ooi | oei |
|---|---|---|---|
| skeur | | | |
| | | | |
| | | | |

# Wat het hulle gesê?





**Ons doen**

Lees in jou groep die slot wat elkeen vir die storie in die vorige werkkaart geskryf het. Besluit watter einde die beste is. Dink 'n rolspel uit van die beste storie.

Skryf wat die kinders hieronder sê en gebruik die regte leestekens.

**Ons skryf**





Jy moenie saam met vreemde mense iewers heen gaan nie.

Jannie het gesê: "________________________________________

________________________________________"



Ek geniet toneelspel en sang.

Bongi het gesê: "________________________________________


________________________________________"



Wees versigtig!

Gugu het uitgeroep: "________________________________________

________________________________________"




Moet ek die meisietjie huis toe neem?

Anita het gevra: "________________________________________


________________________________________"


Datum:



## Ons skryf

Hoeveel woorde kan jy maak deur die klanke saam te voeg? Skryf hulle in die ruimtes.





| Begin | Klank | Einde | Woord |
|---|---|---|---|
| b | oe | k | boek |
| br | oe | k | |
| k | oe | kies | |
| w | oe | lig | |
| tr | oe | tel | |
| m | oe | der | |
| br | oe | r | |





| Begin | Klank | Einde | Woord |
|---|---|---|---|
| h | ou | t | |
| b | ou | d | |
| s | ou | t | |
| g | ou | d | |
| f | ou | t | |
| w | ou | d | |
| tr | ou | e | |
| k | ou | d | |

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 'n Brief aan 'n maat








Jupiterstraat 24
Marsville
2033

14 Augustus 2015

Liewe Danie

Ek het lanklaas van jou gehoor. Ek wil vir jou goeie nuus vertel. Ek het die karatekampioenskap gewen. Ek is nou die onder-9-kampioen! Ek het nie gedink ek sou wen nie. Ek was baie bang want die ander seun was baie groter as ek.



Ek het opgehou om aan hom te dink en net gedink aan die skoppe wat ek geoefen het. Toe hoor ek my maats roep my naam en toe weet ek, ek het gewen.

Ek dink alle kinders behoort karatelesse te neem. Dan sal niemand ons kan boelie nie. Dit help om jou fiks en gesond te hou.

Karate het my geleer hoe om myself te verdedig. Dit beteken nie ek is lief vir baklei nie, maar ek kan sorg dat niemand my seermaak nie.



Kom kuier asseblief vir my.

Jou maat

Mandla

Datum:



Ons skryf

| Wie het die brief geskryf? | |
|---|---|
| Op watter datum het hy die brief geskryf? | |
| Watter nuus het die skrywer aan Danie oorgedra? | |
| | |

**Sigwoorde**

- oomblik
- want
- roep
- saam

| Dink die skrywer karate is 'n goeie ding vir kinders om te leer? Hoekom sê jy so? |
|---|
| |
| |






Ons skryf

Kies die regte voornaamwoord en trek 'n kring daarom.



| |
|---|
| Die seuns trek sy/hulle karateklere aan. |
| Dit is sy/ons karatetrofee. |
| Mandla sê: "Danie is my/julle beste maat." |
| Danie het opgehou om aan sy/hy teenstander te dink. |



Ons skryf

Kies die korrekte **sinoniem** vir elke vetgedrukte woord en vul dit in die regterkolom in.


skrikkerig | skree | seermaak | opwindende

Sinonieme is woorde met dieselfde betekenis.

| | |
|---|---|
| Ek wil vir jou **goeie** nuus vertel. | |
| Ek was baie **bang**. | |
| Toe hoor ek my maats **roep** my naam. | |
| Dan sal niemand ons kan **afknou** nie. | |



12 - 6 = 6



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Mandla is 'n kampioen





Ons doen

Stuur vir Mandla (of vir een van jou maats) 'n gelukwensing. Skryf 'n spesiale boodskap binne-in die kaartjie.






Skryf 6 tot 8 sinne oor die dinge wat jy goed kan doen in jou klaswerkboek.

Ons skryf






Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:*
*Wanneer ons die meervoude van woorde met 'n lang klinker in die middel vorm, val die een klinker weg en kom -e aan die einde van die woord by.*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| saal | sale | week | weke | noot | note |
| jaar | jare | brood | brode | keel | kele |
| draad | drade | been | bene | jaar | jare |



Datum:




Ons skryf

Vul die regte leestekens aan die einde van die sinne in.
Gebruik 'n vraagteken (?) of 'n uitroepteken (!) of 'n punt (.).

| |
|---|
| Geluk, Mandla, jy is die nuwe kampioen (!) |
| Het Mandla 'n swart gordel in karate ____ |
| Ons moet leer hoe om onsself te verdedig ____ |
| Wanneer het Mandla die brief geskryf ____ |
| Waar woon Mandla ____ |




'n **Voornaamwoord** word in die plek van 'n naamwoord gebruik.



Ons skryf


Lees elke sin en trek dan 'n kring om die voornaamwoord wat jy in die plek van die onderstreepte woord kan gebruik.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| <u>Mandla</u> het 'n swart gordel in karate. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Ek en Danie</u> is goeie maats | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Die karatespan</u> gaan Durban toe. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Die hond</u> hou ook van karate. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Mandla se ma</u> was baie opgewonde. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |



Vir die pret

Gebruik die prente van sportsoorte om jou te help om hierdie blokkiesraaisel te voltooi.



Af
5 Swem
6 Rugby
7 Gimnastiek
8 Netbal
9 Sokker
10 Hokkie

Dwars
1 Tennis
2 Atletiek
3 Karate
4 Krieket

ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Biblioteekdag



**Ons lees** Kyk na die prente en gesels daaroor. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.





Elke week gaan al die kinders na die skoolbiblioteek toe. Hulle hou baie daarvan om biblioteek toe te gaan. Die juffrou by die biblioteek lees vir hulle stories. Pam en Busi help Dinsdae en Donderdae tydens pouse in die biblioteek. Hulle pak die boeke netjies op die rakke. Hulle stempel die datum in die boeke wat kinders saam met hulle huis toe neem.

Mens kan elke week twee boeke huis toe neem. Jy moet hulle terugbring voor jy nog boeke mag uitneem. Busi en Pam lees elke week twee boeke. Hulle gaan ook biblioteek toe om hulle huiswerk te doen. Dit is baie stil en 'n mens mag nie in die biblioteek eet nie. Daar is 'n rekenaar in die biblioteek. Busi en Pam is besig om te leer hoe om dit te gebruik. Hulle mag net twintig minute op 'n slag op die rekenaar werk.

**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Op watter dae werk Busi en Pam in die biblioteek? | |
| | |
| Wat doen hulle in die biblioteek? | |
| 1 | |
| 2 | |
| Hoe lank mag hulle die rekenaar gebruik? | |

Datum:




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:*
*Woorde met 'n vokaalkombinasie in die middel kry net 'n -e aan die einde van die woord by.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| boek | boeke | mou | moue |
| tier | tiere | pou | poue |
| huis | huise | reus | reuse |
| trein | treine | voet | voete |




## Ons skryf

Verbind die woorde links met 'n frase regs om 'n sin te maak. Omkring die voegwoorde.

**Voegwoorde** word gebruik om frases of sinne te verbind.

| | | |
|---|---|---|
| Sy was laat vir skool omdat | | die krag is af. |
| Jy kan nie op die rekenaar werk nie want | | hy nooit sy huiswerk doen nie. |
| Hy het die toets gedop omdat | | sy laat wakker geword het. |




## Ons skryf

Hoeveel woorde kan jy maak deur die klanke saam te voeg? Skryf hulle in die ruimtes.




| Begin | | Einde | Woord |
|---|---|---|---|
| k | or | t | kort |
| st | | m | |
| g | | rel | |
| n | | s | |
| m | | sig | |
| g | | del | |
| b | | sel | |





# Boeke lees





Ons doen

Skryf waaroor die boek handel. Jy kan dit ook in jou klaswerkboek skryf.



Skryf waaroor die boek wat jy gelees het, gehandel het.

Titel: ____________________

Skrywer: ____________________

Skryf waaroor die boek handel.

____________________


____________________

____________________

Teken 'n prentjie om te wys waaroor die boek handel.








Ons skryf

Skryf twee paragrawe (10 sinne) in jou klaswerkboek oor die dinge in die boek waarvan jy gehou het.


Datum:



Vir die pret


Kyk saam met jou maat na die buiteblaaie van hierdie boeke. Jy en jou maat moet die titel van elke boek en die naam van die skrywer opspoor. Sê waaroor jy dink elke boek handel. Watter boeke sou jy graag wil lees? Nommer die boeke van 1 tot 4. (1 Vir die boek wat jy die graagste sou wil lees en 4 vir die boek waarin jy die minste belangstel.) Gaan gerus biblioteek toe om te kyk of jy hierdie boeke kan uitneem.







Titel ______________________

Skrywer ______________________




Titel ______________________

Skrywer ______________________




Titel ______________________

Skrywer ______________________




Titel ______________________

Skrywer ______________________



# 77 Ons besoek die sirkus



## Ons lees

Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en stel 'n klasstorie saam.



Ons groot dag het gekom. Die sirkus is in die dorp en die graaddries is op die bus om na die sirkus te gaan kyk. Ons kom by die groot tent aan.

**Juffrou:** Bly bymekaar sodat julle nie verdwaal nie. As julle sou verdwaal, gaan staan by die kaartjiekantoor by die ingang dan kom haal ons julle daar.



**Jabu:** Sjoe! Kyk hoe loop daardie hanswors op stelte.

**Bongi:** Ek hou baie van die robbe wat so dans.

**Anita:** Sal ons na die vertoning nader aan die leeu mag gaan?

**Jan:** Wat sal gebeur as hy uit die hok ontsnap?



**Busi:** Ai, ek sou dolgraag akrobatiese danse wil doen!

**Juffrou:** Waar is Danie?

**Jan:** Ek weet nie.

**Juffrou:** Hardloop gou en gaan kyk of hy by die kaartjiekantoor staan.

**Pam:** Kyk! Kyk! Daar's hy! Hy ry op die olifant!

**Juffrou:** O aardetjie tog. Dis nie moontlik nie!





## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



*Spelreël:*
*Party woorde wat op -ng eindig, verloor die -g in die verkleiningsvorm en kry -kie by.*

| | |
|---|---|
| doring | dorinkie |
| toring | torinkie |
| horing | horinkie |

| | |
|---|---|
| woning | woninkie |
| koning | koninkie |
| varing | varinkie |

Datum:



Ons skryf Skryf jou antwoorde op hierdie vrae in die ruimtes.

| Waarvan het elkeen van die kinders by die sirkus gehou? | | | |
|---|---|---|---|
| Jabu | Bongi | Anita | Busi |
| | | | |
| Wat het van Danie geword? | | | |
| | | | |
| Skryf 'n einde vir die storie. Skryf wat die juffrou vir Danie gesê het. | | | |
| Juffrou: | | | |
| | | | |
| | | | |
| Danie: | | | |
| | | | |
| | | | |

**Sigwoorde**
- skryf
- nooit
- alleen
- praat




Ons skryf Gebruik hierdie doenwoorde (werkwoorde) om die sinne te voltooi. Onderstreep dan die woorde wat meer oor die aksie sê.

speel | loop | skree | ry


Doenwoorde word werkwoorde genoem. Hulle sê vir ons wat iemand of iets doen. Bywoorde beskryf hoe iemand of iets dit doen.

| |
|---|
| Danie ry <u>trots</u> op die olifant. |
| Die kinders ______________ hard van opgewondenheid. |
| Die hanswors ______________ versigtig op die stelte. |
| Die rob ______________ vrolik met 'n bal. |
| Ons ______________ treurig huis toe in die geel bus. |



# Wat het van Danie geword?






Ons doen

Voer 'n rolspel op waarin Danie vir sy maats vertel wat by die sirkus met hom gebeur het. Jy of een van jou maats kan die juffrou wees.



Maak asof jy Danie is. Skryf in jou dagboek oor die besoek aan die sirkus. Ons skryf






Liewe Dagboek Datum ____________








Ons skryf

Onderstreep al die werkwoorde in jou storie. Skryf dan 6 van die werkwoorde in die tabel hieronder neer.

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

Datum:




## Ons skryf

Skryf hoe, wanneer of waar langs die sin.
Omkring dan die werkwoord wat beskryf word.

wanneer waar hoe



| | |
|---|---|
| Jannie eet sy middagete vinnig. | Hoe |
| Pam lees dikwels boeke oor diere. | |
| Danie vertel ons trots van die sirkus. | |
| Ons gaan partykeer op skooluitstappies. | |
| Die hanswors dans vrolik by die sirkus. | |
| Na die sirkus het die kinders stadig teruggestap bus toe. | |





*Spelreël:*
*Party woorde wat op -ng eindig, kry in die verkleiningsvorm -etjie.*



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | |
|---|---|
| ding | dingetjie |
| ring | ringetjie |
| gang | gangetjie |

| | |
|---|---|
| tang | tangetjie |
| kring | kringetjie |
| string | stringetjie |


ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Ons geniet klanke



**Werk met woorde** Vul die woorde met dieselfde klanke in.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| muis | gou | bruin | suur | trein | groen | maat | vier |
| soom | stout | kruin | guur | sein | lemoen | staaf | tier |
| loof | bout | boom | duur | rein | boet | gaaf | dier |



# Skryf jou storie




Praat met jou maat oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.



## My storieplan

### Die karakters en die plek

Wie is in jou storie?

Waar gebeur die storie?

Wanneer gebeur die storie?

### Die begin

Wat gebeur aan die begin van die storie?

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

## Die middel



Wat gebeur in die middel van die storie?

## Die einde



Hoe eindig die storie?




Maak jou eie boek. Sny die volgende bladsy van die boek uit. Vou die bladsy op die lyne. Knip op die stippellyne. Kram die rugkant vas. Skryf die boek se titel op die buiteblad. Skryf jou naam onder die titel want jy is die skrywer van die storie. Teken 'n prentjie op die buiteblad. Skryf dan jou storie in die boek.

## AGTERBLAD

Rainbow
WORKBOOKS

## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon



8

## BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.



Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 2. Vou op die stippellyn


Stap 3. Kram aan hierdie kant.

Stap 4. Sny op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1. Vou op die stippellyn

5


Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.



Teken hier 'n prentjie.


Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.



Eindig jou storie.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

6

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

**Inhoud**

# Tema 6: Die lewe in die stad

Kwartaal 3: Week 5 – 10


**81 Stadslewe** 36

Lees 'n verhalende teks oor Fanie wat stad toe verhuis het.
Gebruik prente van woonstelle om koördinate uit te werk.
Gesels oor wat in elke woonstel gebeur.
Vul die korrekte werkwoorde in om die aktiwiteite in elke woonstel te beskryf.

**82 Ons lees kaarte** 38

Bespreek 'n kaart.
Beantwoord vrae op grond van die kaart.

**83 Fanie stuur vir sy maats 'n e-pos** 40

Lees 'n e-posteks.
Die verkleining van woorde met 'n lang klank in die middel.
Gebruik 5 woorde om sinne te maak.
Verbind sinne met voegwoorde.
Die verkleining van woorde met twee konsonante in die middel.

**84 Fanie se maats antwoord hom** 42

Lees 'n e-posteks.
Beantwoord vrae op grond van die e-pos.
Gebruik werkwoorde om sinne te voltooi. Bepaal of die sin in die teenwoordige of die verlede tyd is.
Gebruik voorsetsels om 'n blokkiesraaisel te voltooi.

**85 Gee padaanwysings** 44

Lees 'n kaart.
Die verkleinvorm -tjie.
Beantwoord vrae op grond van die kaart.
Skryf aanwysings na spesifieke plekke op die kaart.
Identifiseer padtekens.

**86 Waar ek woon** 46

Adresseer 'n koevert.
Verbind sinsdele met behulp van voegwoorde.
Identifiseer eiename.
Vul 'n uitnodiging na 'n skoolkonsert in.
Teken 'n kaart met aanwysings.

**87 Hoe ons aanwysings gee** 48

Plak prentjies van plekke op 'n kaart in.
Bespreek die kaart met 'n maat.
Bespreek watter plekke veilig en onveilig is.
Beantwoord vrae op grond van die kaart.

**88 Ons lees kritiek** 50

Vra en gee aanwysings na verskillende plekke op die kaart.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Nommer die woorde in alfabetiese volgorde.
Lees 'n advertensie.
Beantwoord vrae op grond van die advertensie.
Ontwerp 'n advertensie.

**89 Ons sien 'n ongeluk** 52

Lees die strokiesprentverhaal.
Vul 'n praatborrel in om die storie af te sluit.
Voorspel en skryf 'n slot vir die storie.
Verkleinwoorde met -tjie.
Gebruik 5 woorde om sinne te skryf.
Identifiseer die korrekte voornaamwoorde.

**90 Wat het gebeur?** 54

Identifiseer die volgorde van 'n storie.
Identifiseer die verskille tussen twee prente.
Vul 'n vorm oor 'n ongeluk in.

**91 By die konsert** 56

Lees 'n program vir 'n skoolkonsert.
Bespreek die program met 'n maat.
Beantwoord vrae op grond van die program.
Teken 'n plakkaat om die konsert te adverteer.

**92 Besoekers by ons konsert** 58

Lees 'n koerantberig.
Beantwoord vrae op grond van die berig.
Verkleinwoorde met -ie.
Gebruik 5 woorde om sinne te skryf.
Voltooi sinne met behulp van die korrekte selfstandige en byvoeglike naamwoorde.

**93 Lawwe Danie** 60

Lees 'n verhalende teks oor Danie.
Skryf 'n beskrywing van Danie.


**94 Ons kyk na 'n kaart van Suid-Afrika** 62

**95 Uitknipsels** 63

**96 Skryf jou storie** 65

Gesels oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Stel 'n storieplan op.
Maak 'n knipselboek.









# 81 Stadslewe



**Ons lees**

Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en voorspel wat in die storie gaan gebeur.




Fanie trek stad toe omdat sy pa 'n nuwe werk in die stad gekry het. Fanie is hartseer om van al sy maats by die skool weg te gaan. Hy moet na 'n nuwe skool toe gaan.

Die lewe in 'n stad is baie anders as die lewe op 'n dorp. In die stad bly daar baie mense en is daar baie verkeer. In die strate sien jy mense loop en ry, en mense wat taxi's en treine haal. Almal gaan na verskillende plekke toe.



Baie mense het nie tuine nie want hulle woon in woonstelle op die boonste verdiepings van hoë geboue.

Fanie woon in 'n woonstelgebou. Hy woon op die 2de vloer in woonstel nommer 2A. Hy woon naby die skool sodat hy skool toe kan loop.




**Ons skryf**

Kyk waarmee die mense in hierdie woonstelblok besig is. Ons het al die woonstelle in die prentjie genommer. Daar is drie vloere met vier woonstelle op elke vloer. Elke vloer het 'n nommer, en elke woonstel het 'n letter van die alfabet.

In die tabel op die volgende bladsy is daar 'n lys van wat elke persoon besig is om te doen. Vul die nommer van die woonstel in langs elke aktiwiteit wat aan die gang is. Gebruik die nommer van die vloer (in die geel kolom aan die linkerkant) en die nommer van die woonstel (in die blou ry boaan).

Datum:






| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Fanie is besig om sy huiswerk te doen. | 2A | Die meisie drink haar medisyne. | | Die meisie lees haar biblioteekboek. | |
| Die kinders hou 'n partytjie. | | Die seun trek sy sokkerklere aan. | | Die man maak kos. | |
| Die meisie borsel haar tande. | | Die seun eet 'n roomys. | | Die meisie hou haar kat vas. | |
| Die meisie praat op die telefoon. | | Die seun gee vir sy hond kos. | | Hulle kyk TV. | |




Ons skryf


Kyk na die aktiwiteite in die tabel hierbo. Vul nou die woorde in wat weggelaat is om hierdie sinne te voltooi.

Hulle  ______________________ TV.

Sy  ______________________ op die telefoon.


Die seun  ______________ die hond ______________.

Die seun  ______________________ 'n roomys.

Die meisie  ______________________ haar biblioteekboek.

# Ons lees kaarte







Kyk na die kaart en praat oor die geboue en plekke daarop.
Wys na wat jy in elke blok sien en sê wat dit is.

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 6 | huise | huise | bank | mark |
| 5 | skool | park | hospitaal | supermark |
| 4 | sportstadion | swembad | kerk | spoorwegstasie |
| 3 | restaurant | kleuterskool | biblioteek | woonstelle |
| 2 | kliniek | winkels | polisiestasie | brandweerstasie |
| 1 | dieretuin | vulstasie | poskantoor | lughawe |


Datum:



Ons skryf

Sê nou waar elkeen van hierdie plekke is. Gebruik die geel nommers aan die linkerkant van die kaart en die blou letters uit die boonste ry.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Waar is die kliniek? | 2A | Waar is die hospitaal? | |
| Waar is die biblioteek? | | Waar is die polisiestasie? | |
| Waar is die brandweerstasie? | | Waar is die woonstelle? | |
| Waar is die skool? | | Waar is die dieretuin? | |
| In watter blok is daar baie bome? | | Waar is die spoorwegstasie? | |



Ons skryf

Praat nou met jou maat oor die verskillende plekke op die kaart. Bespreek hierdie vrae en vul die antwoorde dan in.




| | |
|---|---|
| Noem twee plekke naby die skool. | |
| Noem twee plekke oorkant die kerk. | |
| Watter plek is oorkant die lughawe? | |
| Watter plek is langs die skool? | |
| Is die woonstelle naby of ver van die skool? | |
| Tussen watter twee plekke lê die swembad? | en |
| Hoeveel straatblokke sal die brandweerwa moet ry indien daar 'n brand by die skool uitbreek? | |
| Waar sou jy graag wil woon? Sê in watter blok en waarom jy daardie blok gekies het. | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Fanie stuur vir sy maats 'n e-pos







**Ons lees**

Lees weer die storie op bl. 36. Kyk dan na die titel en prente van hierdie werkkaart en voorspel wat Fanie in sy e-pos vir sy maats geskryf het.

Aan: Bongi@biblioteek.com, Jabu@biblioteek.com, Anita@biblioteek.com, Jan@biblioteek.com

Van: Fanie@skool.com 1 September 2015 14:22

Liewe Bongi, Anita, Jabu en Jan,

Ek woon nou in die stad. Ek is so bly dat ek die skool se rekenaar kan gebruik om vir julle 'n e-pos te stuur. Ek mis julle almal baie.

Die stad is vreeslik besig en hier is baie verkeer. Ek het na 'n nuwe skool toe begin gaan. Dit is 'n baie groot skool. Ons is byna 1 000 kinders. Die skool is naby die park en die swembad. In die middag neem ek swemlesse. Ek het 'n nuwe maat. Haar naam is Thandi. Sy is in my klas. Wanneer ek by die skool verdwaal, help sy my.

Ek woon nou in 'n woonstelblok. Ons woon op die 2de vloer. Dit is baie hoog. Ons het nie 'n tuin nie maar ons woon gelukkig naby die park. Ek kan daar met my maats gaan speel.

Ek hoop ek sal vir die sokkerspan gekies word en dat ons teen julle skool sal speel. Ek sal vir julle kom kuier wanneer ek met Kersfees na my ouma toe gaan.

Skryf asseblief dadelik terug want ek wag by die rekenaar dat julle antwoord.

Mooi bly

Fanie

Stuur

**Werk met woorde**


Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:*
***Woorde met 'n vokaalkombinasie in die middel kry in die verkleiningsvorm net 'n -ie by.***

**Sigwoorde**

terug
volgens
werk

| | | | |
|---|---|---|---|
| boek | boekie | broek | broekie |
| brief | briefie | buis | buisie |
| gleuf | gleufie | fiets | fietsie |



Datum:




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| vark | varkie | kers | kersie | plank | plankie |
| vurk | vurkie | merk | merkie | skulp | skulpie |

*Spelreël:* Woorde met twee medeklinkers aan die einde kry in die verkleiningsvorm net 'n -ie by.



## Ons skryf

Verbind elke paar sinne deur een van die volgende voegwoorde te gebruik.

en | want | maar

'n Voegwoord verbind frases of sinne met mekaar.

| | |
|---|---|
| Daar woon baie mense in die stad. | Daar is baie verkeer. |
| | |
| Ons het nie 'n tuin nie. | Ons woon naby 'n park. |
| | |
| Fanie hou aan om te verdwaal. | Daar is baie strate. |
| | |



## Werk met woorde

*Spelreël:* Die meeste woorde wat op 'n -m eindig kry -pie by in die verkleiningsvorm.

Lees die woorde en kyk mooi hoe die -pie bykom

| | | | |
|---|---|---|---|
| arm | armpie | duim | duimpie |
| boom | boompie | stroom | stroompie |
| wurm | wurmpie | raam | raampie |



# 84 Fanie se maats antwoord hom

**Ons doen** Kyk na die prent en voorspel wat Fanie se maats in hulle e-pos aan hom gesê het.



**Ons lees**

Aan: Fanie@skool.com

Van: Bongi@biblioteek.com 1 September 2015 14:45

Beste Fanie

Koel! Ons het nou net jou e-pos gekry. Ons gebruik almal die rekenaar in die biblioteek.

Ons verlang ook na jou. Jy is in 'n baie groot skool. En jy leer nou swem. Dit is baie opwindend. Ons hoop ons kan vir jou kom kuier en jou skool sien.

Dalk sien ons mekaar nog voor Kersfees.

Totsiens

Bongi, Jan, Anita en Jabu

Stuur

**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Wie het namens almal geantwoord? | |
| Op watter datum het sy teruggeskryf? | |
| Hoe laat het sy teruggeskryf? | |
| Waar het die kinders gesit? | |

Datum:




Ons skryf

Gebruik hierdie doenwoorde (werkwoorde) om die volgende sinne te voltooi. Sê dan of die sin in die teenwoordige tyd of die verlede tyd geskryf is.

**Tydsvorme**
Teenwoordige tyd: Dit verwys na die hede.
Verlede tyd: Dit verwys na tyd wat verby is.


| | | |
|---|---|---|
| het geloop loop | Fanie loop elke dag skool toe. | teenwoordige |
| | Verlede week ____ Fanie dorp toe ______. | |
| sing het gesing | Thandi ________ op pad skool toe. | |
| | Verlede jaar ____ sy in die koor ________. | |
| het gemaak maak | Fanie se pa ________ 'n plan. | |
| | Verlede jaar ____ sy pa 'n plan ________. | |
| het gehad het | Fanie ____ al 'n paar maats by die nuwe skool. | |
| | Op die eerste dag ______ hy net een maat ______. | |



Vir die pret

Vul hierdie voorsetsels in die blokraaisel in. Tel die letters van elke woord om jou te help om die regte plek vir elkeen te kry.

*Voorsetsels is woorde wat die posisie van dinge aantoon.*



bo

onderaan

tussen

langs

naby

oorkant


ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Gee padaanwysings




Ons lees

Kom ons doen nog kaartwerk. Kyk na hierdie kaart en beantwoord dan die vrae.



Datum:



**Ons skryf**

Kyk na die kaart en vul dan die antwoorde op hierdie vrae in. Sommige van die vrae kan meer as een antwoord hê. Bespreek julle antwoorde met mekaar.

| | |
|---|---|
| In watter straat is die skool? | |
| Op watter hoek is die supermark? | |
| Watter plek is veilig vir kinders om te speel? | |
| In watter straat is die hospitaal? | |
| Watter plek is lawaaierig? | |
| Watter plek is nie veilig genoeg vir speel nie? | |



**Werk met woorde**


Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Baie woorde kry -tjie in die verkleiningsvorm*

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| blaar | blaartjie | skoen | skoentjie | swaai | swaaitjie |
| skool | skooltjie | stoel | stoeltjie | seun | seuntjie |
| trui | truitjie | broer | broertjie | trein | treintjie |

**Sigwoorde**

gesien
baie
altyd



**Ons skryf**

| Skryf aanwysings van die hospitaal na die skool. |
|---|
| |
| |



**Vir die pret**

Wat beteken hierdie tekens?









# Waar ek woon






Ons skryf

Adresseer hierdie koevert aan jouself.





Ons skryf

Verbind die begin van elke sin in die blou raam met sy korrekte einde in die pienk raam. Onderstreep in elke sin die voegwoord.

En, daarom, want en omdat is voegwoorde. Ons gebruik hulle om sinne te verbind.

| | |
|---|---|
| Hy het die pad oorgesteek want | het ek biblioteek toe gegaan. |
| Sy het haar resepteboek geneem omdat | het ek op die kennisgewingbord gaan kyk. |
| Ek wou gaan sokker speel, daarom | die verkeerslig was groen. |
| Ek het nie geweet op watter dag ons netbaloefening het nie, daarom | het ek my sokkerstewels skool toe geneem. |
| Ek het laat gaan slaap en | sy 'n koek wou bak. |
| Ek het niks gehad om te lees nie daarom | ons sou in 'n wedstryd speel. |
| Ons het na die sportveld toe gegaan want | kon die volgende oggend nie wakker word nie. |
| Sy het na die kliniek toe gegaan omdat | sy siek gevoel het. |


Datum:




Ons skryf

Onderstreep die selfstandige naamwoorde hieronder wat met 'n hoofletter behoort te begin.

Selfstandige naamwoorde is die name van mense, dinge en plekke.



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| bongi | mandla | oktober | lusikisiki | durban | danie |
| maandag | stoel | koek | boek | polokwane | blom |
| pen | busi | fiets | potlood | johannesburg | skêr |



Vir die pret

Stuur vir Bongi en Jan 'n uitnodiging na jou skoolkonsert. Vul die inligting op die kaartjie in.



Liewe Bongi en Jan

Julle word na ons skoolkonsert uitgenooi

Datum:

Skool:

Konsertprogram



Teken die aanwysings van die stasie na die skool. Merk die straatname en die plekke waarby hulle verby sal gaan.



# Hoe ons aanwysings gee





**Ons doen**

Maak jou eie kaart.

Knip die prente van die verskillende plekke in werkkaart 95 (op bl. 63) uit en plak hulle hier in. Jy kan besluit waar jy elke plek wil plaas. Jy kan een van die huise kies om self in te woon en besluit waar jy dit wil plak. Wil jy naby die skool woon?

| | A | B | C | D |
|---|---|---|---|---|
| 6 | | | | |
| 5 | | | | |
| 4 | | | | |
| 3 | | | | |
| 2 | | | | |
| 1 | | | | |

Datum:




Wys jou kaart vir jou maat. Wys hom of haar waar jy elke plek geplaas het. Vul dan die nommer en letter in om te wys waar elke plek is. Skryf in die regterkantse kolom waarom jy besluit het om die prentjie daar te plak. Praat met jou maat oor waar julle veilig kan speel en waar julle nie moet speel nie.



**Sigwoorde**

- verstaan
- staan
- sodat
- moenie

| Sê nou in watter blok elkeen van hierdie plekke is. | | Sê waarom jy die plek daar geplaas het. |
|---|---|---|
| Waar is die kliniek? | | |
| Waar is die biblioteek? | | |
| Waar is die hospitaal? | | |
| Waar is die skool? | | |
| Waar is die brandweerstasie? | | |
| Waar is die polisiestasie? | | |
| Waar is die spoorwegstasie? | | |
| Waar is die woonstelle? | | |
| Waar is die park? | | |
| Waar is jou huis? | | |
| Waar is die swembad? | | |
| Waar is die supermark? | | |
| Waar is die kerk? | | |

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# Ons lees krities





Ons doen

Kyk na die prente, lees die storie en vul die woorde wat jy dink die bestuurder gesê het in die praatborrel in.




draai links

draai by die hoek

draai regs

Aan jou regterkant sal jy 'n ___ sien.

hou reguit aan met die pad

gaan by die park verby



Werk met woorde

Verdeel hierdie woorde om die verskillende lettergrepe te wys. Nommer dan die woorde in elke kolom in alfabetiese volgorde.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | hos/pi/taal | | polisie | | supermark | | speelgrond |
| 3 | swembad | | biblioteek | | restaurant | | mark |
| 2 | spoorweg | | swem | | motorhawe | | taxi |



Ons lees

Lees die advertensie op die oorkantse bladsy en praat met jou maat oor wat die advertensie jou belowe. Beantwoord dan die vrae deur 'n ja of nee te merk.

| Lees hierdie vrae en merk ja (✓) of nee. | ja | nee |
|---|---|---|
| Dink jy 'n T-hemp kan jou vinnig laat hardloop? | | |
| Dink jy 'n T-hemp kan jou help om 'n kampioen te word? | | |
| Dink jy die T-hemp kan jou wonderlik laat voel? | | |
| Dink jy die T-hemp is goedkoop? | | |
| Dink jy die advertensie is waar en eerlik? | | |
| Weet jy van enige ander advertensie wat nie eerlik is nie? | | |

Datum:

**Die T-hemp wat elke slim kind moet hê!**

Outjie, as jy koel wil wees, moet jy 'n **Superkoel T-hemp hê**.

Dit sal jou baie vinnig laat hardloop en jy sal 'n superkampioen word.


Jy sal wonderlik voel in hierdie **Superkoel T-hemp**.

Almal sal jou na hulle partytjies toe nooi.

Koop vandag een. Laagste pryse in die stad.

**Slegs R150! Uitverkoping duur net 1 week.**



Vir die pret


Maak jou eie advertensie op. Teken 'n prentjie en skryf 'n paar sinne om mense lus te maak om jou produk te koop.


# 89 Ons sien 'n ongeluk



Ons lees

Lees die storie en vul die woorde wat jy dink die bestuurder gesê het in die praatborrel in.



Ons skryf

Dink jy dat die man sy motor nog na die ongeluk kan bestuur? Moet hy die polisie bel? Skryf nou in jou klaswerkboek ses tot agt sinne oor wat jy dink hierna in die storie gaan gebeur.

Datum:



## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreël:* Woorde wat op -t eindig, kry in die verkleiningsvorm altyd 'n -jie.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| straat | straatjie | mat | matjie | slot | slotjie |
| maat | maatjie | prent | prentjie | poot | pootjie |
| kat | katjie | voet | voetjie | ruit | ruitjie |

**Sigwoorde**

mekaar
laaste
klein




## Ons skryf

Lees elke sin en trek dan 'n kring om die voornaamwoord wat in die plek van die onderstreepte woorde gebruik kan word.

'n **Voornaamwoord** word in die plek van 'n naamwoord gebruik.

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| <u>Die man</u> het met sy motor in 'n boom vasgery. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Die kat</u> het oor die pad gehardloop. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Fanie en Thandi</u> het die ongeluk gesien. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Thandi</u> moes vir die polisie 'n verslag skryf. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |
| <u>Ek en Thandi</u> het die kat huis toe geneem. | Jy | Hy | Sy | Ons | Hulle | Dit |



## Ons skryf

Verbind die voornaamwoord in die eerste kolom met die korrekte besitlike voornaamwoord in die tweede kolom. Voltooi hierdie sin om jou te help. ___ bestuur ___ kar.

'n **Besitlike voornaamwoord** dui besit aan. bv. Hy bestuur sy kar.



| | |
|---|---|
| hy | my |
| sy | jou |
| ons | sy |
| ek | haar |
| jy | ons |
| hulle | hulle |




ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________


# Wat het gebeur?







**Ons doen** Nommer die prentjies in die korrekte volgorde. Verduidelik dan in jou klaswerkboek die verband tussen die oorsake en gevolge in hierdie storie.





**Vir die pret** Omkring die verskille in die prente.





Datum: 



Ons skryf Jy moet die ongeluksverslag invul.

Gestel jy was op pad huis toe ná skool. Jy het 'n ongeluk gesien. Jy het gesien hoe 'n motor skielik uitswaai om 'n kat nie raak te ry nie. Die motor het in 'n boom vasgery, maar die bestuurder is nie beseer nie en die kat ook nie.

Jy is die enigste mens wat die ongeluk gesien het, daarom is jy gevra om die storie te skryf van wat gebeur het. Vertel jou maat wat jy gaan sê voor jy die vorm invul.




## Ongelukvorm

| | |
|---|---|
| Jou naam: | |
| Datum van die ongeluk: | |
| Hoe laat dit gebeur het: | |
| Wat gebeur het: | |
| | |
| Eers | |
| | |
| Toe | |
| | |
| Daarna | |
| | |
| Op die ou end | |
| | |
| Handtekening: | |

ONDERWYSER: Teken  Datum 

# By die konsert





Ons praat Lees die program deeglik deur en vertel jou maat wat daar gaan gebeur. Sê watter item jy dink jy die meeste sal geniet, en waarom.


**Program vir die Nuwedorp-Laerskool se skoolkonsert**

Datum: 3 September 2015 Tyd: 13:00 tot 15:30

| Tyd | Graad | Item |
|---|---|---|
| 13:00 | | Opening deur die skoolhoof, mev. Gaga |
| 13:10 | Graad 1 | Heuningbeer se lied |
| 13:20 | Graad 2 | Liedjie: Wie's nou bang vir die nare ou wolf |
| 13:40 | Graad 3 | Jan en die boontjierank<br>Sterre: Fanie speel Jan se rol<br>Thandi speel Jan se ma |
| 14:00 tot 14:30 | | Pouse<br>Daar sal sap en springmielies vir al die skoolkinders wees.<br>Die ouers kan tee en koffie koop. |
| 14:30 | | Prysuitdeling vir Graad 1, 2 en 3 |
| 15:00 | Graad 4 | Kinderkoor sing die Volkslied |
| 15:15 | | Afsluiting: Toespraak deur die Minister van Basiese Onderwys |








Ons skryf Kyk na die program en beantwoord dan die vrae.

| | |
|---|---|
| Hoe laat begin die konsert? | |
| Wie sal die opening waarneem? | |
| Wat sal die graadeenklas doen? | |

Datum:

| | |
|---|---|
| Wat gebeur om 13:20? | |
| Wie is die sterre van die vertoning om 13:40? | |
| Wat gaan die graadvierklas doen? | |
| Wat gebeur tydens die pouse? | |
| Wie sal by die konsert die afsluitingstoespraak lewer? | |
| Watter item sou jy die meeste geniet indien jy die konsert sou bywoon? | |
| Wat sal jy misloop as jy eers 14:30 daar aankom? | 1 |
| | 2 |
| | 3 |
| | 4 |



Vir die pret

Teken 'n plakkaat om hierdie konsert te adverteer. Gee al die belangrike inligting.



ONDERWYSER: Teken ____ Datum ____

# Besoekers by ons konsert





Ons lees

## Kindernuus

### Laerskool Nuwedorp bied 'n rasend oulike konsert aan


Verslaggewer: Yvonne Nolte    4 September 2015




Die kinders van die Laerskool Nuwedorp het gister 'n uitstekende konsert aangebied. Hulle het die gehoor vermaak met tonele uit die stories van Heuningbeer en Die Drie Varkies. Die sterre van die vertoning was Fanie du Plessis en Thandi Ndlovu, wat in Jan en die boontjierank opgetree het. Fanie was Jan en Thandi was sy ma.

Die skool het pryse uitgedeel aan leerders wat altyd hulle huiswerk doen. Hierdie leerders het baie goed gevaar in verlede maand se ANA-eksamen.

Die Groot Boekwinkel het boekpryse geskenk.



Ons skryf  Lees weer die artikel en beantwoord dan die volgende vrae.



| Dink jy die skrywer van die artikel dink die Laerskool Nuwedorp het 'n goeie konsert aangebied? Hoe weet jy dit? |
|---|
| |
| **Waarvoor het die kinders pryse ontvang?** |
| |

Datum:

## Waar het die skool die pryse gekry?

## Skryf 'n sin uit die artikel wat vir ons sê dat die Minister tevrede behoort te wees met die skool.



**Werk met woorde**


Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| lag | laggie | hek | hekkie | bus | bussie |
| bos | bossie | brug | bruggie | tak | takkie |
| krap | krappie | vlag | vlaggie | kas | kassie |

*Spelreël:*
*Wanneer 'n woord 'n kort klinker in die middel het, verdubbel die slotmedeklinker in die verkleiningsvorm en kom -ie by.*

**Sigwoorde**

tevrede
betyds
korter





**Ons skryf**

Vul die selfstandige naamwoorde wat weggelaat is in, asook die byvoeglike naamwoorde wat hulle beskryf. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

**Selfstandige naamwoorde:** motors, geboue, bome, skool, mense

**Byvoeglike naamwoorde:** hoog, vinnig, raserig, groot, groot


Die  ______________ was ______________.

Die  ______________ was ______________.

Die  ______________ was ______________.

Die 

______________ was ______________.

Die  ______________ was ______________.

ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Lawwe Danie



**Ons lees**

Kyk na die titel en prente van die storie.
Gesels daaroor en stel 'n klasstorie saam.

Danie is altyd laat en hy vergeet altyd alles.

Verlede jaar het hy sy eie verjaarsdag vergeet.

Verlede maand het hy sy skooltas
op die bus vergeet.

Verlede week het hy by die sirkus
op die olifant gery.

Gister het hy die trein
op pad konsert toe verpas.

Vandag het hy met sy swembroek
skool toe gekom..

Hy is regtig 'n snaakse outjie.






Datum:



Ons skryf


Gebruik hierdie breinkaart om vir Danie te beskryf.





## Hoe hy lyk

## Lawwe goed wat hy doen








## Sy maats

## Wat Danie kan doen om goed te onthou



ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons kyk na 'n kaart van Suid-Afrika






- Kyk na die kaart van Suid-Afrika.
- Wys na die 9 provinsies.
- In watter provinsie woon jy?
- Sê wat die hoofstad van elke provinsie is.
- Wys na die foto's van sommige van die belangrike plekke in elke provinsie.
- Watter provinsies lê aan die kus?




# Uitknipsels


95



Ons doen


Knip hierdie prentjies uit en gebruik hulle om jou eie kaart op bladsy 48 te maak.





# Skryf jou storie






Praat met jou maat oor 'n storie wat jy gaan skryf.
Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.



## My storieplan

### Die karakters en die agtergrond

Wie is in jou storie?

Waar gebeur die storie?

Wanneer gebeur die storie?


### Die begin

Wat gebeur aan die begin van die storie?

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


## Die middel

Wat gebeur in die middel van die storie?



## Die einde

Hoe eindig die storie?



Vir die pret

Maak jou eie boek. Sny die volgende bladsy van die boek uit. Vou die bladsy op die lyne. Knip op die stippellyne. Kram die rugkant vas. Skryf die boek se titel op die buiteblad. Skryf jou naam onder die titel want jy is die skrywer van die storie. Teken 'n prentjie op die buiteblad. Skryf dan jou storie in die boek.

## AGTERBLAD

## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam

Jou ouderdom

Waar jy woon

8

## BUITEBLAD

Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).

1

Stap 2. Vou op die stippellyn

Stap 3. Kram aan hierdie kant.

Stap 4. Sny op die soliede lyn nadat jy jou boek vasgekram het.

Stap 1. Vou op die stippellyn

5

Gaan hier voort met jou storie.

Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.

Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.



Eindig jou storie.

7

3

Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

6

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

Inhoud

# Tema 7: Mense en plekke

Kwartaal 4: Week 1 – 4


**97 Nuwe kinders by ons skool** 70

Lees teks oor nuwe kinders by die skool.
Voltooi 'n tabel op grond van die teks.
Beantwoord vrae op grond van die teks.

**98 Verskillende plekke in Suid-Afrika** 72

Knip die ontbrekende provinsies uit en plak hulle op die korrekte plekke in.
Beantwoord vrae oor die provinsie waarin sy of hy woon.
Plaas woorde in alfabetiese volgorde.
Gebruik 5 woorde om sinne te skryf.
Skryf sinne met die korrekte leestekens oor.

**99 Ons weer** 74

Lees 'n weervoorspelling.
Gebruik weersimbole om 'n weerkaart te voltooi.
Verskillende verkleiningsvorme.
Verbind sinne met behulp van voegwoorde.
Bou samestellings.
Kyk na voorvoegsels en agtervoegsels.

**100 Wat ek gedoen het** 76

Teken vier prentjies van aktiwiteite die vorige naweek.
Verduidelik die prentjies.
Skryf 'n sin oor elke prentjie en identifiseer die werkwoord.
Verbind woorde in die teenwoordige tyd met woorde in die verlede tyd.
Gebruik werkwoorde om sinne te voltooi.
Identifiseer die teenwoordige, verlede en toekomende tyd.
Maak 'n kaartjie van gelukwensing vir 'n maat.

**101 Kinders van ander lande** 78

Lees 'n beskrywende teks oor kinders van ander lande.
Stel 'n tabel oor die kinders op.
Woorde wat 'n deelteken kry.
Formuleer vrae.

**102 Lekker dinge om te doen** 80

Doen 'n opname en stel 'n tabel van die resultate op.
Beantwoord vrae op grond van die opname.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Omkring die korrekte hulpwerkwoorde.
Speur die pad na die korrekte stokperdjie na.

**103 Twee klein katjies** 82

Lees 'n gedig oor twee katjies.
Beantwoord spesifieke vrae op grond van die gedig.
Identifiseer die rymwoorde in die gedig.

**104 Wat die katte gesê het** 84

Dra 'n gediggie voor en doen 'n rolspel daaroor.
Skryf sinne in die direkte rede oor.
Speel 'n woordspeletjie met werkwoorde in die teenwoordige en verlede tyd.

**105 'n Brief aan my maat** 86

Lees 'n brief van 'n maat.
Beantwoord vrae op grond van die brief.
Woorde met -ae- wat nie 'n deelteken kry nie.
Identifiseer selfstandige en byvoeglike naamwoorde.

**106 Beskrywings van dinge** 88

Gebruik byvoeglike naamwoorde om hom- of haarself te beskryf.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om prentjies te beskryf.
Gebruik byvoeglike naamwoorde om sinne te voltooi.
Kies die korrekte hulpwerkwoorde.
Skryf 'n beskrywende paragraaf.
Soek die verskille tussen twee prente.

**107 Weer biblioteekdag** 90

Lees 'n inligtingstuk oor olifante.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Woorde met kappies.
Gebruik voornaamwoorde om sinne te voltooi.

**108 Ons lees boeke** 92

Lees 'n boekomslag en 'n inhoudsopgawe.
Beantwoord vrae op grond van die omslag en die inhoudsopgawe.
Skryf sinne oor waarom hy of sy die boek graag sou wil lees.
Gebruik voorsetsels om sinne te voltooi.
Lees 'n tongknoper.

**109 Ons besoek aan die olifantpark** 94

Lees teks oor 'n besoek aan 'n olifantpark en 'n pamflet oor olifante.
Skryf sinne oor wat hy of sy omtrent olifante geleer het.
Woorde wat nie 'n kappie kry nie.
Etiketteer 'n tekening van 'n olifant.

**110 Olifanttaal** 96

Vra 'n maat vrae oor olifante.
Onderskei homofone.
Skryf sinne in die direkte rede oor.

**111 Olifanttaal (vervolg)** 97

Verbind kolletjies met behulp van die alfabet.

**112 Skryf jou eie storie** 98

Gesels oor 'n storie wat hy of sy gaan skryf.
Stel 'n storieplan op.
Maak 'n knipselboek.






# 97 Nuwe kinders by ons skool

**Ons lees**

Fanie en Thandi is terug by die skool ná die vakansie. Hulle skool is in Johannesburg. Al die kinders praat Afrikaans by die skool alhoewel hulle moedertale verskil omdat hulle van verskillende plekke afkomstig is. Party van hulle kom selfs van ander lande af. Kom ons ontmoet die nuwe leerlinge.





**Noord-Kaap**

Ek is Margriet. Ek is sewe jaar oud. Ek praat Afrikaans. Ek hou daarvan om met my troeteldiere te speel.

**Noordwes**

Ek is Dipuo. Ek is agt. Ek praat Setswana. My gunstelingkos is lekkers.

**Gauteng**

**Vrystaat**

Ek is Makgomo. Ek is nege. Ek praat Sesotho. Ek hou van lees.

**Limpopo**

Ek is Phaladi. Ek is agt jaar oud. Ek kom van Limpopo af. Ek praat Sepedi. Ek speel graag met my maats.

**Wes-Kaap**

Ek is Jannie. Ek is agt jaar oud. Ek praat Afrikaans. Ek kyk graag TV.

**Oos-Kaap**

Ek is Lulama. Ek is nege jaar oud. Ek speel graag met my troeteldiere. Ek praat isiXhosa.


**KwaZulu-Natal**

Ek is Mandu. Ek is agt jaar oud. Ek praat isiZulu. Ek hou van netbal speel.

**Mpumalanga**

Ek is Siabelo. Ek is nege jaar oud. Ek praat Siswati. Sokker is my spel!

Datum:



Ons skryf

Lees oor die nuwe kinders en voltooi dan die tabel.
Vul hulle name, ouderdomme, die provinsies waarvandaan hulle kom, hulle huistale en die dinge waarvan hulle hou in. Merk af of elkeen 'n seun of meisie is.

| Naam | Ouderdom | | | Taal | Provinsie | Hou van |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Dipuo | 8 | | ✓ | Setswana | Noordwes | Lekkers |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |
| | | | | | | |



Ons skryf

Beantwoord nou hierdie vrae.



| | |
|---|---|
| Waar is die kinders se skool? | |
| Hoeveel seuns en meisies het nuut in die skool gekom? | ______ seuns<br>______ meisies |
| Hoeveel van hierdie kinders is: | |
| 7 jaar oud | |
| 8 jaar oud | |
| 9 jaar oud | |
| In watter provinsie woon Thandi en Fanie? (Lees weer die storie.) | |
| Watter taal praat hulle by die skool? | |


ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Verskillende plekke in Suid-Afrika



Ons doen

Ses provinsies is op hierdie kaart weggelaat. Die ontbrekende stukke is op die volgende bladsy. Knip hulle uit en plak hulle op die regte plekke op hierdie kaart in.




Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| In watter provinsie woon jy? | |
| Watter taal praat jy by die huis? | |
| Watter taal praat jy by die skool? | |
| In watter ander provinsies was jy al? | |
| Wat is spesiaal omtrent jou provinsie? | |

Datum:




Lees die woorde hardop. Nommer die woorde in elke kolom alfabeties. Kies 5 van die woorde en skryf 5 beskrywende sinne met die woorde in jou klaswerkboek.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3 | ons | | lande | | wonderlik | | mens |
| 2 | dons | | hande | | hinderlik | | dans |
| 1 | bons | | honde | | kinderlik | | wens |

**Sigwoorde**

agter
beter
binne
buite







Vul in watter soort sin elkeen is en skryf dit dan met die regte leestekens oor.

stelsin | vraagsin | bevelsin | uitroepsin

| | |
|---|---|
| dipuo hou van lekkers | Stelsin |
| Dipuo hou van lekkers. | |
| hoeveel tale kan jy praat | |
| | |
| skryf netjies in jou boek | |
| | |
| ag nee dit reen en ek het nie my sambreel nie | |
| | |



# 99 Ons weer




Ons lees

Kyk na die titel en prente van die weervoorspelling.
Het jy al na die weervoorspelliing op televisie gekyk?



Goeie môre. Hier volg vandag se weervoorspelling.
Dit sal reënerig wees in KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap.
Dit sal sonnig en warm wees in Limpopo en die Noord-Kaap.
In Gauteng sal dit gedeeltelik bewolk wees.
Dit sal koud wees in die Vrystaat.
Donderstorms sal voorkom in Mpumalanga en Noordwes.
In die Wes-Kaap sal dit winderig wees.



Ons doen

Onderstreep in die leesstuk hierbo die name van die provinsies en die soort weerstoestande in elkeen. Knip dan die weersimbole op die volgende bladsy uit en plak hulle op die weerkaart in. Sê nou vir jou maat hoe die weer in elke provinsie lyk.

| Gauteng | Wes-Kaap | KwaZulu-Natal | Oos-Kaap | Noordwes | Mpumalanga | Vrystaat | Noord-Kaap | Limpopo |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |



Datum:

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ringetjie | pinkie | duimpie | matjie | bussie |
| dingetjie | torinkie | rympie | prentjie | strikkie |
| gangetjie | dorinkie | raampie | ruitjie | vruggie |

**Sigwoorde**

veral
oral
nêrens
skêr

Ons skryf

Verbind hierdie sinne. Gebruik elkeen van die volgende voegwoorde net een keer.

en | want | daarom | maar

'n **Voegwoord** verbind frases of sinne met mekaar.

| | |
|---|---|
| Hulle sal nie vandag skool toe gaan nie. | Dit is Saterdag. |
| | |
| Dipuo is agt jaar oud. | Makgomo is nege. |
| | |
| Dit reën. | Fanie sal sy sambreel gebruik. |
| | |
| Ek wil graag 'n fiets koop. | Ek het nie genoeg geld nie. |
| | |




Ons skryf

Vul die antwoorde op hierdie afleidings in.

**Voorvoegsels en agtervoegsels**

Wanneer ons on- voor aan 'n woord byvoeg, beteken dit nie. Ongelukkig beteken "nie gelukkig nie".
Wanneer ons -lik agter aan 'n woord bylas, beteken dit soos. Daarom beteken kinderlik "soos 'n kind".

| | | | |
|---|---|---|---|
| on + tevrede = | | vriende + lik = | |
| on + seker = | | vrees + lik = | |
| on + duidelik = | | wonder + lik = | |




# 100 Wat ek gedoen het



Ons doen

Teken vier prentjies van dinge wat jy die afgelope naweek gedoen het.
Vertel jou maat daarvan.



Ons skryf

Skryf nou een sin neer vir elke prentjie en onderstreep die werkwoord.

Ek het sokker gespeel.

Werkwoorde is die doenwoorde wat in 'n sin voorkom.



Ons skryf

Verbind die teenwoordige tyd en die verlede tyd van hierdie werkwoorde met mekaar. Gebruik nou 5 woorde in die teenwoordige tyd en 5 woorde in die verlede tyd om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

Praat – het gepraat. Hier lyk die verlede tyd baie soos die teenwoordige tyd. Maar dit is nie altyd so nie. Dink maar aan ons is (teenwoordige tyd) en ons was (verlede tyd). Die hele woord verander.

koop – gekoop, doen, vlieg, gevlieg, val, het, gedoen, eet, kry, was, gehad, geëet, wou, geval, gekry, is, wil










Datum:




## Ons skryf

Gebruik die werkwoorde in die tabel om die sinne te voltooi en sê of die sin in die teenwoordige, verlede of toekomende tyd sal wees.



| Kies die korrekte woord | Vul die korrekte werkwoord (doenwoord) in elkeen van die sinne in.  | Is die sin in die teenwoordige, verlede of toekomende tyd? |
|---|---|---|
| kan<br>kon | Ek kan 'n toebroodjie maak. | Teenwoordige  |
| | Verlede week ____ ek nie na die weervoorspelling kyk nie. | |
| sal hê<br>het | My ma ______ die televisie aangeskakel. | |
| | Ek ______ sal ook eendag 'n televisie ______. | |
| wou<br>wil | Ek _____ in die tuin werk maar toe reën dit. | |
| | Jabu _____ eendag 'n weervoorspeller word. | |
| moet<br>moes | Ons _____ na die weervoorspelling gekyk het, dan sou ons geweet het dit gaan reën. | |
| | Ons _____ die weersimbole ken om die weerkaart te kan lees. | |



## Vir die pret

Maak 'n kaartjie om 'n maat wat in sport of in 'n stokperdjie goed gevaar het geluk te wens. Noem die sport of stokperdjie voor op die kaartjie. Skryf 'n spesiale boodskap binne-in.




# Kinders van ander lande






Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en stel 'n klasstorie saam.



By ons skool is daar vyf nuwe kinders wat van ander lande af kom.

**Bheki kom van Zimbabwe.** Bheki speel graag sokker. Hy is die doelwagter.




**Lee is Chinees.** Sy leer nou Afrikaans lees en skryf. Sy het twee katjies. Sy het hulle eendag skool toe gebring en hulle het in die kas weggekruip.




**Naresj kom van Indië.** Hy is lief daarvoor om rekenaarspeletjies te speel. Hy het baie maats wat saam met hom rekenaarspeletjies speel. Hy gaan elke dag ná skool rekenaarsentrum toe.

**Peter kom van Engeland.** Hy speel graag skaak.




**Renate kom van Duitsland.** Sy is mal oor netbal.

Datum:



Ons skryf

Vul inligting oor elke kind in hierdie storie in die tablel in.



**Sigwoorde**

daarom
daarvan
dankie

| Naam | Land | Stokperdjie |
|---|---|---|
| Renate | Duitsland | Netbal |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |





Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.



| | | | |
|---|---|---|---|
| breë | seël | vlieë | reël |
| seën | reën | spieël | moeë |
| leë | uitveër | treë | tweë |

*Spelreëls:*
*Woorde met deeltekens kry dit op die tweede "e" in die woorde.*



Ons skryf

Leer jou maat beter ken. Skryf vrae neer wat met elkeen van hierdie woorde begin. Vra dan vir jou maat die vrae. Skryf neer wat hy of sy sê.

| |
|---|
| Wat |
| |
| Waar |
| |
| Wanneer |
| |
| Waarom |
| |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Lekker dinge om te doen





Ons doen

Doen 'n opname om uit te vind watter stokperdjies jou maats die meeste geniet. Vra 6 maats om jou te vertel watter van hierdie vyf stokperdjies hulle die meeste geniet. Kleur vir elke antwoord 'n blokkie in die tabel in. Begin onderaan die tabel.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| Sport | Lees | Handwerk | Rekenaars | TV |

| |
|---|
| Watter stokperdjie is die gewildste? |
| |
| Van watter stokperdjie hou hulle die minste? |
| |



**Sigwoorde**

draai
egter
elkeen
gebruik



Werk met woorde


Verdeel die volgende woorde in hulle onderskeie lettergrepe. Nommer dan die woorde in elke kolom in alfabetiese volgorde.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | hos/pi/taal | | Zimbabwe | | nadat | | agter |
| 3 | rekenaar | | Duitsland | | voorheen | | oorkant |
| 1 | bal | | Engeland | | tydens | | tussen |


Datum:

Hulpwerkwoorde is woorde wat help om tyd te vorm, bv. is, was, wil, wou, moet, mos, sal, sou, kan, kon.

Omkring die korrekte hulpwerkwoord. Ons skryf




| |
|---|
| Gister is/ was die rivier se water yskoud. |
| Danie wil/wou môre sokker gaan speel. |
| Verlede week moet/moes Thandi kliniek toe gegaan het. |
| My hele gesin het in die winter griep gehet/gehad. |
| Ons sal/sou vir Mamma 'n koek gebak het, maar toe was die krag af. |
| Die kinders kan/kon beslis nie môre al hul karatetoets doen nie. |
| Gister het ons almal by die swembad roomys geeet/geëet. |



Vir die pret

Kry die pad na die stokperdjie waarvan jy die meeste hou.









# 103 Twee klein katjies



Ons lees

Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en voorspel wat in die storie gaan gebeur.



Terwyl 'n kwaai storm een wintersnag woed,
Het 'n katjie woes baklei met sy jonger boet.
Die rede was 'n muis in die jongste se klou,
Wat hy heel selfsugtig vir homself wou hou.



"Ek gaan die muis eet," sê die oudste kat,
"En wie gaan jou help om hom af te vat?"
"Die muis is myne," sê die jongste een.
"Dan roep ek vir Ma of byt jou aan jou been."



Die huisvrou gril vir die dooie muis,
En vee die twee katjies uit die huis.
Gou bewe hulle van die
wind en sneeu.
En wens hulle het nooit
vir mekaar geskreeu.





Toe kruip hulle maar, met 'n gesnik en gesug,
Koud en druipstert na hul slaapplek terug.
Hulle het geleer, terwyl die storm woed,
Dis beter om te slaap as om te stry
met jou boet.

*Anoniem, verwerk (geskryf in ongeveer 1880)*

Datum:





Ons skryf

Lees die gediggie hardop vir jou maat en beantwoord dan die vrae.

| Waaroor het die katjies baklei? |
|---|
| |
| **Beskryf die weer daardie nag.** |
| |
| |
| **Waarom het die katte besluit om op te hou veg?** |
| |



Werk met woorde

Soek die rymwoorde in die gedig. Skryf dan nog 'n paar rymwoorde vir elke woord in jou klaswerkboek.




Rymwoorde se eindklanke klink dieselfde.



| woed | klou | kat |
|---|---|---|
| boet | | |

| muis | sneeu | sug |
|---|---|---|
| | | |

## Onthou






# 104 Wat die katte gesê het



Ons doen

Dra die gediggie voor en doen 'n rolspel daaroor. Een kind moet die rol van die groot kat speel en iemand anders moet die klein katjie wees. Dan moet daar ook iemand wees om die vrou met die besem se rol te speel.





Ons skryf

Herskryf wat hulle sê as direkte rede. Gebruik aanhalingstekens.


Die **direkte rede** is iemand se direkte woorde, bv.: Hy vra: "Kan ek jou help?"




Die groot kat het gesê: "Ek





Die klein katjie het geantwoord: "Ek




Die muisie het gesmeek: "




Die huisvrou het geskree: "




Die klein katjie het uitgeroep: "Ek

Datum:



# WERKWOORDRESIES

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| sal | sou | | wil | wou |
| is | was | | kan | kon |
| moet | moes | | het | gehad |
| eet | geëet | | word | geword |
| val | geval | | weet | geweet |
| voer | gevoer | | maak | gemaak |
| voel | gevoel | | bly | gebly |
| kry | gekry | | veg | geveg |
| stry | gestry | | sien | gesien |
| rem | gerem | | stop | gestop |
| gee | gegee | | sit | gesit |
| gaan | gegaan | | slaap | geslaap |
| groei | gegroei | | spat | gespat |
| skop | geskop | | skrop | geskrop |
| staan | gestaan | | vee | gevee |
| weeg | geweeg | | swem | geswem |

Vir die pret



Hardloop 'n resies teen Herkie die Werkwoord. Lees die teenwoordige en verlede tyd van elke werkwoord in die geel baan. Jou maat moet die woorde in die blou baan lees. Kyk wie wen. Vra mekaar daarna wat die verlede tyd van elke werkwoord is.




ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 'n Brief aan my maat








Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en voorspel wat in die brief staan.



Rosestraat 123
Nuwedorp
1234
13 Oktober 2015

Liewe Minnie

Ek woon nou al ses maande in sonnige Suid-Afrika. Dit is 'n pragtige land. Die geel son skyn elke dag. Ek woon in 'n nou straatjie. Ons huis kyk uit oor 'n groen park. Ons het drie bome in ons groot tuin. In ons stad is daar baie hoë geboue. Ek het twee katjies. Die stoute klein katjies loop orals agter my aan. Eendag het hulle my skool toe gevolg en die hele dag in 'n donker kas gesit en miaau.

Ek het vier maats in Suid-Afrika. Hulle praat almal goed Engels. Ek wens jy kan in hierdie wonderlike land by my kom kuier.

Jou maat

Lee



Datum:



Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae

| Sigwoorde |
| --- |
| gehad |
| geld |
| goeie |
| kuier |

Hoe lank woon Lee al in Suid-Afrika?

Waar kom sy vandaan?

Hoeveel maats het sy in Suid-Afrika?

Dink jy sy hou daarvan om in Suid-Afrika te woon? Hoekom dink jy so?



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreëls:*
*Woorde met ae kry nie 'n deelteken nie.*

| | | | | | | |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| laag | lae | saag | sae | maag | mae | maer |
| plaag | plae | kraag | krae | vraag | vrae | hael |
| dag | dae | slag | slae | vlag | vlae | swael |



Ons skryf

Kyk weer na die brief. In elke sin is daar 'n woord wat vir ons meer omtrent die selfstandige naamwoord vertel. (Hierdie woorde is byvoeglike naamwoorde.) Lees elke sin noukeurig deur en onderstreep die selfstandige naamwoorde (die noemwoorde). Trek dan 'n kring om die byvoeglike naamwoord (adjektief) wat elke naamwoord beskryf.

Voorbeeld: Ek woon nou in sonnige Suid-Afrika.



Wanneer jy dit gedoen het, kan jy die byvoeglike naamwoorde wat jy omkring het onder die korrekte opskrif in hierdie tabel inskryf.

| Telwoorde | Kleure | Grootte |
| --- | --- | --- |
| | | |
| | | |
| | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Beskrywings van dinge





Ons doen

Beskryf jouself. Merk die regte blokkie om jou hare, oë en lengte te beskryf.





| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Hare | | Bruin | Oë | | Swart | Lengte | | Kort |
| | | Swart | | | Groen | | | Middelmatig |
| | | Blond | | | Blou | | | Lank |
| | | Rooi | | | Bruin | | | |



Ons skryf

Vul byvoeglike naamwoorde in wat elkeen van hierdie prentjies beskryf.

'n Byvoeglike naamwoord is 'n woord wat die selfstandige naamwoord beskryf.

|  |  |  |  |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |

Kies byvoeglike naamwoorde wat ons meer omtrent die selfstandige naamwoorde vertel. Vul die byvoeglike naamwoorde dan in die ruimtes in.

| | |
|---|---|
| ou<br>groot | Die ou man het in 'n ______________ boom vasgery. |
| stout<br>klein | Die ______________ seun het die ______________ hondjie gejaag. |
| heerlike<br>slim | Die ______________ meisie het 'n ______________ koek gebak. |
| hartseer<br>gawe | Die ______________ juffrou het die ______________ meisie gehelp. |

Datum:




Ons skryf

Omkring die hulpwerkwoorde wat die beste in die sinne inpas.


**Hulpwerkwoorde** is woorde wat help om tyd te vorm, bv. is, was, wil, wou, moet, mos, sal, sou, kan, kon.


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Ek | sal | sou | kan | volgende week 'n brief skryf. |
| Jy | sal | sou | kan | ook van Suid-Afrika gehou het. |
| Hy | sal | sou | kan | in die groen park gaan speel. |
| Sy | sal | sou | kan | haar maats aan Lee voorstel. |
| Dit | sal | sou | kan | pret wees as Lee kan kom kuier. |
| Ons | sal | sou | kan | met die katjies speel. |
| Hulle | sal | sou | kan | nie in die kas gesit het as hulle my nie agtervolg het nie. |



Skryf 'n beskrywing van iemand wat vir jou interessant is in jou klaswerkboek (2 paragrawe van 5 sinne elk). Dit kan 'n bekende persoon, 'n maat of 'n familielid wees.

Ons skryf






Vir die pret

Spoor die verskille op. Trek 'n kring om wat anders is.







ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# Weer biblioteekdag









## Drie interessante dinge omtrent OLIFANTE






**Die drie dinge is die slurp, ivoor en maaltande.**

### SLURP

'n Olifant gebruik sy slurp om mee te trompetter. Hy gebruik sy slurp om kos en water in sy bek te sit. Party olifante is so slim dat hulle selfs hulle slurp kan gebruik om 'n kraan oop te draai. Maar niemand het hulle geleer om die kraan weer toe te draai nie.

### IVOOR



'n Olifant het twee lang tande wat uit ivoor bestaan. Hulle groei uit die olifant se boonste kakebeen. Hierdie tande hou deur die olifant se hele lewe aan met groei. Die olifant gebruik hierdie tande om in die grond na water en kos te grawe. Slegte mense maak olifante dood sodat hulle die tande kan steel en die ivoor kan kry.

### MAALTANDE

Olifante het ook vier plat tande wat ons maaltande noem. Daarmee kou hulle die plante fyn wat hulle eet. Hierdie maaltande slyt mettertyd weg en dan groei daar nuwes. Dit gebeur so elke tien jaar. 'n Olifant kry tot ses stelle tande tydens sy leeftyd. Mense kry maar net twee stelle.



Datum:

**Sigwoorde**
speel
help
vergeet
binne-in



**Ons skryf** Beantwoord hierdie vrae.

| Wat is die drie interessante dinge omtrent olifante? | | |
|---|---|---|
| S ______ | I ______ | M ______ |

| Waarvoor gebruik hulle hulle slurpe? |
|---|
| |

| Waarvoor gebruik hulle hulle lang tande? |
|---|
| |


| Wat weet jy van hulle tande? |
|---|
| |



**Werk met woorde** Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

*Spelreëls:*
*Die ^ kom net op klinkers/vokale in Afrikaans. 'n Kappie dui aan dat die klank lank en uitgerek moet wees.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| sê | kêrel | wêreld | brûe |
| lê | blêr | pêrel | rûe |
| hê | skêr | êrens | môre |




**Ons skryf** Gebruik hierdie voornaamwoorde om jou te help om hierdie sinne te voltooi.

'n Voornaamwoord staan in die plek van 'n naamwoord.

jou | sy | haar | hulle | my

| |
|---|
| Hy het ______ huiswerk gedoen. |
| Sy het ______ boek skool toe geneem. |
| Hulle het ______ aandete geëet. |
| Ek het ______ middagete geëet. |
| Jy moet ______ huiswerk doen. |



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Ons lees boeke



Ons lees




Inhoud

1 Hoe lyk olifante? .......... 4
2 Wat eet hulle? .......... 10
3 Hoe kommunikeer olifante? .......... 11
4 Olifantgesinne .......... 15

Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.

| | |
|---|---|
| Wat is die boek se titel? | |
| Wie is die skrywer van die boek? | |
| Wat is die vier afdelings wat in die inhoudsopgawe verskyn? Waaroor handel elke afdeling? | |
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |

Datum:



Ons skryf


Skryf 10 tot 15 sinne waarin jy sê of jy die boek graag sou wil lees. Skryf dit in jou klaswerkboek.







Ons skryf


Hierdie woorde is almal voorsetsels. Hulle dui posisie aan. Vul hulle op die regte plekke in hierdie sinne in.








**Voorsetsels** is woorde wat die posisie van dinge aantoon.





op | in | naby


oor | onder | tussen



| |
|---|
| Die katjies het ______________ die kas weggekruip. |
| Die hondjie het ______________ die tafel gesit. |
| Pam het ______________ Anita en Jabu gesit. |
| Die olifant het ______________ die heuwel geloop. |
| Ons het ______________ die brug gery. |
| Ons woon ______________ die skool. |









Tongknoper: Lees hierdie woorde so vinnig as wat jy kan.





**Sannie sê sy sal sewe sakke sout sleep.**
**Sewe sakke sout is swaar sowaar.**



ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# Ons besoek aan die olifantpark




Ons praat Kyk na die titel en prente van die storie. Gesels daaroor en stel 'n klasstorie saam.



Ons lees

Ons bus het by die olifantpark gestop. Die graaddriekinders het na die olifante gaan kyk. Afrika-olifante is die grootste landdiere op aarde. 'n Olifant se brein is baie groot in vergelyking met ander diere s'n, dus is hulle baie slim diere. Ons het die volgende pamflet deurgelees.

| | |
|---|---|
| **Hoe oud word olifante?** | Hulle kan tot 70 jaar oud word. |
| **Hoe hoog word hulle?** | 'n Afrika-olifant kan 4 meter hoog word. |
| **Is hulle familiediere?**  | Ja. Die familie kom eerste. Hulle pas hulle babas op. Hulle neem selfs weesolifantjies aan wat niemand het om hulle op te pas nie. |

Datum:





## Ons skryf

Skryf in jou klaswerkboek 10 tot 15 sinne oor wat jy van olifante geleer het.

**Spelreëls:**
Woorde soos ster en ver kry nie 'n kappie nie.




## Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | |
|---|---|---|
| ster | verf | werk |
| ver | kerf | sterk |
| werf | gerf | derde |


**Sigwoorde**
bang
besluit
betaal
bietjie



## Ons doen

Sit byskrifte by hierdie tekening van 'n olifant. Gebruik die volgende woorde.

tande | stert | mond | slurp | ore | oë | bene



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Olifanttaal






Ons doen


Ondervra jou maat oor olifante. Vra hom of haar vrae gebaseer op wat jy van olifante geleer het.

Homofone klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse, bv.: Dit is 'n feit dat ek al fyt aan my vinger gehad het.



Ons skryf

Omkring die korrekte woord in elkeen van hierdie sinne.



| |
|---|
| Olifante kan oor 'n steil/styl bult klim. |
| Die olifant sukkel om in die grond te grawe, want dit is baie hart/hard. |
| Ek wed/wet jou die olifantma gaan die kleintjie se stert vat. |
| Olifante het fier/vier maaltande. |
| Daar is 'n wond aan die matriarg se hak/haak. |
| Olifante verkeer in noot/nood omdat hulle deur jagters doodgemaak word. |
| Die olifant vlei/vly haar op die groen gras neer. |



Ons skryf

Skryf wat hulle sê in die direkte rede oor. Gebruik aanhalingstekens.



Het jy die olifantpark geniet?

Thandi het gevra: "



Ja, dit was baie interessant.

Fanie het geantwoord: "



Dit is goed dat ons die boek oor olifante gelees het.

Thandi het gesê: "



Ek het eenmaal olifante in die Addo-olifantpark gesien.

Fanie het gesê: "

# Olifanttaal (vervolg)







Vir die pret

Verbind die kolletjies met hulp van die alfabet.




## Onthou



# Skryf jou eie storie





Ons praat

Praat met jou maat oor 'n storie wat jy gaan skryf. Vul dan jou idees op hierdie bladsy in.



## My storieplan

**Die karakters en die agtergrond**



Wie is in jou storie?

Waar gebeur die storie?

Wanneer gebeur die storie?

**Die begin**

Wat gebeur aan die begin van die storie?


**Die middel**

Wat gebeur in die middel van die storie?

**Die einde**



Hoe eindig die storie?



Vir die pret

Maak jou eie boek. Sny die volgende bladsy van die boek uit. Vou die bladsy op die lyne. Knip op die stippellyne. Kram die rugkant vas. Skryf die boek se titel op die buiteblad. Skryf jou naam onder die titel want jy is die skrywer van die storie. Teken 'n prentjie op die buiteblad. Skryf dan jou storie in die boek.

## AGTERBLAD

## OOR DIE SKRYWER

Skryf jou naam



Jou ouderdom

Waar jy woon



8

Step 2: Fold on the dotted line

Step 3: Staple on this side

## BUITEBLAD



Teken hier 'n prentjie.

Skryf die titel van die boek hier.

Vul jou naam in (jy is die skrywer).


1

STEP 4: Fold on the dotted line

STEP 1: Fold on the dotted line

5


Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

4

Skryf die middel van jou storie hier.



Teken hier 'n prentjie.

Teken hier 'n prentjie.



Begin jou storie hier skryf.

2

Teken hier 'n prentjie.



Eindig jou storie.

7

3


Gaan hier voort met jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

6

Skryf wat gebeur aan die einde van jou storie.



Teken hier 'n prentjie.

Inhoud

# Tema 8: Vriendskap en omgee

Kwartaal 4: Week 5 – 8


113 'n Spesiale onderwysersdag 102

Lees 'n teks oor Onderwysersdag.
Lees 'n gedig oor 'n onderwyser.
Beantwoord vrae op grond van die gedig.
Verdeel woorde in lettergrepe.
Nommer hulle in alfabetiese volgorde.
Gebruik die korrekte besitlike voornaamwoorde.
Lees 'n tongknoper.

114 Onderwysers 104

Skryf vir 'n onderwyser 'n dankiekaartjie.
Verbind sinne en identifiseer werkwoorde.
Identifiseer tydsbepalings.
Nog meervoude en verkleinings.
Maak 'n plakkaat om Onderwysersdag te adverteer.

115 Kollerige Anita 106

Lees 'n brief van Anita aan haar juffrou.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die brief.
Identifiseer sinonieme.
Rangskik sinne in die korrekte volgorde volgens die gebeure.

116 Beterskap, Anita 108

Skryf 'n dagboekstukkie oor toe sy of hy siek was.
Gebruik voor- en agtervoegsels om woorde te voltooi.
Skryf sinne wat voor- en agtervoegsels bevat.
Skryf 'n brief aan Anita om haar beterskap toe te wens en om die nuus van die skool oor te dra.

117 'n Wonderlike dag, 'n aaklige dag 110

Lees twee beskrywings van dieselfde gebeurtenis.
Beplan dagboekstukkies met behulp van 'n breinkaart.
Onderskei tussen woorde met f en woorde met v.
Skryf 'n dagboekstukkie op grond van die breinkaart.

118 Ons uitstappie 112

Adresseer en skryf 'n poskaart aan 'n maat.
Gebruik voegwoorde om sinne te verbind.
Verbind enkelvoude met hul meervoude.
Gebruik die korrekte besitlike voornaamwoorde.
Identifiseer die prentjies wat nie inpas nie.

119 Ons gaan sokker kyk 114

Voorspel die storie op grond van die titel en prentjies.
Gesels oor wat die kinders vir mekaar gesê het.
Plaas dialoog in die korrekte volgorde.
Beantwoord vrae op grond van die storie.
Onderskei homofone.
Teken die wysers op horlosies om te wys hoe laat dinge gebeur het.

120 Oor die wedstryd 116

Skryf die storie van die kinders se uitstappie aan die hand van die prentjies.
Vorm samestellings met behulp van prentjies.

121 Thembi die brandbestryder 118

Lees 'n radio-onderhoud met 'n brandbestryder.
Rolspeel die onderhoud met 'n maat.
Beantwoord meerkeusevrae op grond van die onderhoud.
Skryf 'n paragraaf oor wat hy of sy eendag wil doen.

122 Wat ek wil word 120

Maak beurte om onderhoude met mekaar te voer.
Beantwoord vrae.
Gebruik voor- en agtervoegsels om samestellings te vorm.
Skryf sinne met voor- en agtervoegsels.
Voltooi trappe van vergelyking.
Verbind die vergelykings met die korrekte prentjies.
Bedink 'n paar vergelykings.

123 Die sprinkaan en die mier 122

Lees 'n storie oor Stefaans die sprinkaan en die mier.
Beantwoord vrae op grond van die teks.
Verstrek woorde se antonieme.

124 Tjirpende sprinkaan 124

Voorsien 'n tekening van byskrifte.
Skryf sinne in die direkte rede oor.
Spoor woorde in 'n blokkiesraaisel op.

125 Oor die hele aarde vier ons fees 126

Lees 'n teks oor verskillende feesvieringe.
Vul 'n tabel met geskenkidees in.
Verstrek sinonieme.
Doen 'n opname oor feesdae en stel 'n tabel van die resultate op.

Sertifikaat 130







# 113 'n Spesiale Onderwysersdag





Ons lees

Onderwysersdag is op 5 Oktober. Op daardie dag skryf ons briefies en kaartjies om vir ons onderwysers dankie te sê. Party kinders skryf selfs gediggies vir hulle onderwysers. Kyk na hierdie gediggie wat 'n skoolmeisie geskryf het.




**My juffrou**

Dankie, Juffrou, dat u my gehelp het
toe alles vir my donker was.
Dankie, Juffrou, dat u geluister het,
toe ek iets wou sê in die klas.
Juffrou, u het my die dinge geleer wat 'n kind moet weet.
My graad 3-onderwyser sal ek in my lewe nooit vergeet.

*deur Maryam Mashhadi (verwerk)*

**Sigwoorde**

- daarop
- gesê
- groei
- langs



Ons skryf

Lees die gediggie en beantwoord dan die vrae.

| Vir watter drie dinge bedank die meisie haar onderwyseres? Onderstreep hulle in die gedig en skryf hulle dan neer. |
|---|
| 1 |
| 2 |
| 3 |

Datum:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoe voel die meisie wanneer sy probleme het? ✓ | | | |
| a | gelukkig | b | ongelukkig |

Kyk weer na die gediggie. Kry 'n woord wat met elkeen van die volgende woorde rym en vul dit in.

| | | | |
|---|---|---|---|
| was | | weet | |






**Werk met woorde**

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe. Nommer dan die woorde in elke kolom in alfabetiese volgorde.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | ge/luis/ter | | verskillend | | aanhou | | sokkerstryd |
| 3 | wonderlik | | kolomme | | voorbrand | | artikel |
| 2 | probleme | | tweede | | bekoor | | stukkende |




**Ons skryf**


Ons kan op verskillende maniere sê aan wie 'n ding behoort, soos "Dit is Busi se hemp" of "Die hemp is hare". Voltooi die twee kolomme hieronder. Kies uit die woorde in die raampies.

myne | joune | syne | hare

| | | |
|---|---|---|
| Dit is Sarel se boek. | Die boek is | syne. |
| Dit is juffrou se handsak. | Die handsak is | |
| Dit is die hond se stert. | Die stert is | |
| Dit is my pen. | Die pen is | |
| Dit is haar gedig. | Die gedig is | |
| Dit is sy pen. | Die is die dogter se gedig. | |

**Tongknoper:** Lees dit so vinning as wat jy kan.






Janke Melanke lanklaas franke verkoop eikehoutplanke maar Janke Melanke lanklaas franke se eikehoutplanke is bedorwe planke (Boerneef).



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 114 Onderwysers






Ons skryf



Skryf vir jou onderwyser 'n dankiekaartjie.















Ons skryf


Onderstreep die werkwoorde in die regterkantse kolom.
Verbind dan die twee dele van die sin.





| Onderwerp | Kry die werkwoord |
|---|---|
| Die groen padda | speel met 'n bal. |
| My sussie | <u>eet</u> 'n vlieg. |
| Die man | kou 'n been. |
| My maat Janine | bestuur sy motor. |
| Die bruin hond | dra 'n mooi rokkie. |
| Die kinders | sit langs my in die klas. |

Datum:




Ons skryf

Onderstreep die woorde wat sê hoe laat dinge gebeur.

Wanneer gebruik ons die voorsetsels om en op?
Ons gebruik
om vir 'n sekere tydstip
op vir dae en datums


| | |
|---|---|
| Die skool begin om 8 vm. | |
| Die skooldag eindig om 2 nm. | Gaan ons op Saterdae skool toe? |
| Anna het om twaalfuur huis toe gegaan. | Haar verjaarsdag is op 20 November. |
| Ons gaan slaap om 8 nm. | Waar sal julle op Nuwejaarsdag wees? |



Ons skryf


Wanneer iets aan meer as een mens behoort, sê ons dit is ons s'n, julle s'n of hulle s'n. Vul nou die regte woorde in die ruimtes in.

| | |
|---|---|
| Die seuns se boeke. | Hulle s'n |
| Die meisies se penne. | |



| | |
|---|---|
| Die honde se kos. | |
| Ons motors. | |






Ons skryf

Lees die woorde en luister na die klanke. Gebruik dan 5 van die woorde om jou eie sinne in jou klaswerkboek te skryf.

| | | | |
|---|---|---|---|
| name | weke | kore | vure |
| tale | mere | brode | bure |
| jare | bene | skole | mure |




Vir die pret

Kyk na die gediggie "My juffrou". Werk nou saam met jou maat en maak 'n plakkaat om Onderwysersdag te adverteer. Sê waarom onderwysers belangrik is vir kinders. Noem die dinge wat kinders kan doen om vir hulle onderwysers dankie te sê.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 115 Kollerige Anita



Ons lees



Bessielaan 24
Orion
1234
19 Oktober 2015

Liewe Juffrou

Ek kon al 'n paar dae lank nie skool toe kom nie. Ek het waterpokkies en die dokter sê ek mag nie skool toe kom nie want ek sal die ander kinders aansteek.

Toe ek verlede Maandag wakker word, was my lyf vol rooi kolletjies. Ek het hulle probeer afvryf, maar hulle wou nie weggaan nie. Toe probeer ek hulle afwas, maar nog steeds het hulle bly sit. Ek was so ongelukkig. Toe kry ek skielik baie warm en my ma het my dokter toe geneem. Hy het gesê my koors is baie hoog. Hy het vir my medisyne gegee en gesê ek mag nie skool toe gaan nie. Dit was vyf dae gelede.

Ek kyk elke dag of die kolletjies al weg is, maar hulle sit nog. Ek mis my maats. Ek sou graag wou terugkom skool toe, maar ek mag nie. Juffrou, kan Juffrou dalk vir my my werkboeke gee sodat ek by die huis kan leer? Ek wil nie agter raak met my skoolwerk nie. My pa sê hy sal die boeke kom haal.




Ek mis die hele klas vreeslik baie.

**Anita**

Datum:



Ons skryf

Lees weer die brief en beantwoord dan hierdie vrae. Omkring die letter van die regte antwoord.

| Wat is die hoofdoel van Anita se brief? | |
|---|---|
| A | Om vir die juffrou te vertel dat sy waterpokkies het. |
| B | Om te sê sy was by die dokter. |
| C | Om haar werkboeke te vra. |
| D | Om vir die juffrou te vertel wat die dokter gesê het. |

| Hoe lank is Anita al afwesig? | |
|---|---|
| A | 2 dae |
| B | 5 dae |
| C | 7 dae |
| D | 10 dae |

| Wat was die eerste ding wat Anita laat dink het daar is iets verkeerd? | |
|---|---|
| A | Sy het gesien sy is vol kolletjies. |
| B | Die dokter het vir haar gesê sy het waterpokkies. |
| C | Sy het koors gehad. |
| D | Haar ma het haar dokter toe geneem. |





Ons skryf

Lees die brief noukeurig en soek woorde wat dieselfde betekenis as hierdie woorde het.

| | |
|---|---|
| om die siekte vir iemand anders te gee (paragraaf 1) | |
| nie gelukkig nie (paragraaf 2) | |
| baie warm (paragraaf 2) | |
| kry (paragraaf 3) | |



Ons skryf

Rangskik hierdie sinne in volgorde. Nommer hulle van 1 tot 4.

| | |
|---|---|
| | Ek het dokter toe gegaan. |
| | Ek het hulle probeer afwas. |
| | Ek het 'n hoë koors gehad. |
| | Ek het wakker geword en gesien ek is vol rooi kolletjies. |

**Sigwoorde**
- mense
- miskien
- selfs
- stuur

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# 116 Beterskap, Anita





Ons doen

Skryf in jou dagboek oor 'n keer toe jy siek was. Sê hoe jy gevoel het, watter medisyne jy gedrink het en wie jou versorg het.






Liewe Dagboek

Datum



**Voorvoegsels en agtervoegsels**
Wanneer ons 'n woord met her- begin, beteken dit weer. Dus beteken herken "om weer te ken".
Wanneer ons -loos agter aan 'n woord bylas, beteken dit sonder. Daarom beteken werkloos "sonder werk".



Ons skryf


Bou hierdie afleidings.

| | |
|---|---|
| her + kou = | herkou |
| her + vorm = | |
| her + sien = | |

| | |
|---|---|
| vrees + loos = | |
| doel + loos = | |
| kleur + loos = | |

Skryf 'n sin met 'n her-woord in en 'n sin met 'n loos-woord.

Datum:



Ons skryf

Verbeel jou jy is Anita se maat. Skryf 'n brief om vir haar te sê jy hoop sy word gou gesond. Vertel vir haar die nuus van die skool.



Vul die straat se naam en nommer in.

Vul die naam van die voorstad of dorp in.

Vul die poskode in.

Vul die datum in.

Liewe Anita

Van


ONDERWYSER: Teken Datum

# 117 'n Wonderlike dag, 'n aaklige dag




Ons lees

Sarel en sy sussie Sara het saam met hulle gesin op 'n uitstappie gegaan. Sarel het die uitstappie geniet maar Sara het dit nie geniet nie.









Ons doen

Jy gaan namens Sarel en Sara in hulle dagboeke skryf. Maar eers moet jou groep 'n breinkaart opstel om julle met die dagboekstukkies te help. Praat oor die redes waarom die twee kinders wat na dieselfde plek toe gegaan het so verskillend oor die besoek voel.

Waarheen het Sarel en Sara gegaan?

Wat het Sarel en Sara gedoen?



Sarel en Sara se uitstappie



Wat het Sarel geniet?

Wat het Sara nie geniet nie?

Datum:





**Werk met woorde** Soek en omkring die f in die woorde.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| af | vra | vryf | self | dief |

Soek en omkring die v in die woorde.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| weef | vaak | val | straf | vrugte |





**Ons skryf** Skryf nou dagboekstukkies vir Sarel en Sara vir daardie dag. Gebruik die breinkaart om jou te help.

## Sarel se dagboek

Liewe Dagboek ______ Datum

Ek het vandag die wonderlikste dag van my lewe gehad. Ons het na die



## Sara se dagboek

Liewe Dagboek ______ Datum

Vandag het ek die aakligste dag van my lewe gehad. Ons het na die

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Ons uitstappie






Ons doen

Verbeel jou jy is Sarel of Sara. Stuur vir jou maat 'n poskaart om te vertel wat jy op jou uitstappie gedoen het en waarom jy dit geniet of nie geniet het nie. Adresseer die kaartjie aan jou maat.

Liewe


Van



Jou maat se naam.

Straatnaam en -nommer.

Poskode



Ons skryf

Gebruik die voegwoorde om die sinne te verbind. Gebruik elke voegwoord net een keer.

en | want | maar

| | |
|---|---|
| Ons het na 'n baie lekker plek toe gegaan. | Ek het dit nie geniet nie. |
| | |
| Ek het saam met my ouers gegaan. | Ek het saam met my boetie gegaan. |
| | |
| Ek wou nie gaan nie. | Ek wou na my maat se partytjie toe gaan. |
| | |

Datum:

Ons skryf

Verbind die enkelvoud van elke woord met sy meervoud.

Ons las 'n -e aan die meeste woorde wanneer ons hulle meervoud wil vorm, maar party woorde kry in die meervoud 'n -s.

riet — riete

koning, boek, leeu, piering, manier, leuen, boeke, konings, pierings, maniere, leeus, leuens

Ons skryf

Vul die korrekte voornaamwoord in die spasie in. Kies uit die woorde in die raampies.

myne, syne, joune, hare, julle s'n, hulle s'n



| |
|---|
| Die motor behoort aan my pa. Dit is syne. |
| Dit is mevrou Piek se boeke. Dit is ____________. |
| Ek wil hierdie blomme vir julle gee. Dis nou ____________. |
| Al daardie balle behoort aan hulle. Dit is ____________. |
| Nee, hierdie rok behoort aan my. Dit is ____________. |
| Ek dink hierdie selfoon behoort aan jou. Dit is ____________. |



Vir die pret


Kry die ding wat nie by die ander pas nie en trek 'n kring daarom. Skryf dan 'n naam vir elke groep.

beroepe, vervoer, sport


| | |
|---|---|
|  | ____________ |
|  | ____________ |
|  | ____________ |


# Ons gaan sokker kyk





Ons praat Kyk na die prentjies en gesels met jou maat oor wat gebeur.




Ons skryf Praat oor hoe die kinders in elke prentjie gevoel het. Wat dink jy het hulle in elke prentjie gesê? Vul nou die regte nommer in om te wys wanneer die kinders dit gesê het.


| | |
|---|---|
| Ag nee, daar vertrek ons bus! Ons het die laaste bus gemis! | |
| Ag tog! Kyk hoe lank is die tou! Sal ons ooit in die stadion inkom? | |
| Ek moet 'n serp dra want dit is koud. | |
| Opskud, Fanie. Dis al halfdrie. Ons moet gou maak! | |
| Haai, ons span is besig om te wen! | |
| Kom ons gaan staan in die tou by die bushalte. | |

Datum:



Ons skryf Beantwoord hierdie vrae. Jy kan jou klaswerkboek gebruik.

| | |
|---|---|
| Waarheen het die kinders gegaan? | |
| In hoeveel toue moes hulle staan? | |
| Hoe lank het hulle in die tweede tou gestaan? | |
| Wat het hulle om 4:30 gedoen? | |
| Wat het om 6:15 gebeur? | |



Ons skryf Omkring die regte woord in elkeen van hierdie sinne.


| |
|---|
| Ek dink juffrou se hare is in 'n mooi steil/styl gesny. |
| Hy hou baie van die bont/bond hond. |
| Die bal is hart/hard gepomp. |
| Ouma lei/ly aan suikersiekte. |
| Die gesin gaan 'n groter huis soek om te hier/huur. |

**Sigwoorde**
- alle
- altwee
- dalk
- genoeg




Ons doen Teken die horlosie se wysers in om te wys hoe laat die dinge gebeur het.







Hulle het by die stadion in 'n tou gestaan.




Die seun het sy serp omgesit.



Hulle het die bus gemis.




Hy het sy maats ontmoet.





ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 120 Oor die wedstryd



Ons skryf

Gebruik die prentjies om jou te help om die storie van die kinders se uitstappie na die sokkerwedstryd te skryf. Sluit jou storie af deur te sê wat na 6:15 nm gebeur het.




















Datum:



Vir die pret

Skryf 'n naam by elke prentjie. Voeg dan die woorde saam om een woord te vorm. Ons noem hierdie soort woorde samestellings.

_______________ + _______________ = _______________



_______________ + _______________ = _______________

_______________ + _______________ = _______________

_______________ + _______________ = _______________

_______________ + _______________ = _______________


 

_______________ + _______________ = _______________

## Onthou



**lank**



**langer**



**langste**

# 121 Thembi die brandbestryder



Ons lees

Thembi is 'n brandbestryder. Sy werk in Mthatha. Fanie en Thandi luister na 'n radio-onderhoud met Thembi.





**Omroeper:** Hoe lank werk jy al by die brandweerstasie, Thembi?

**Thembi:** Nogal lank. Vyf jaar lank.

**Omroeper:** Waarom het jy besluit om 'n brandbestryder te word?

**Thembi:** Ek wou mense help.

**Omroeper:** Hoe het jy geleer om hierdie werk te doen?

**Thembi:** Ek het na die brandweerskool toe gegaan. Ek het geleer hoe om vure te blus en hoe om 'n byl en 'n brandslang te gebruik. Ek het ook noodhulp geleer.

**Omroeper:** Moet 'n mens fiks en sterk wees vir hierdie soort werk?


**Thembi:** Ja, jy moet baie fiks wees. Ek bly fiks deur elke dag een uur lank te draf. Ek gaan ook elke dag na die gimnasium toe.

**Omroeper:** Word jy ooit bang terwyl jy 'n brand bestry?

**Thembi:** Nee, nooit nie. Ek is te besig om oor die vuur te dink en oor maniere om dit te blus.

**Omroeper:** Red jy ook partykeer diere?


**Thembi:** Ja, verlede week het ek 'n hond gered. Hy het onder 'n bed weggekruip. Troeteldiere kruip weg want hulle is bang vir vuur. Dit is vir ons moeilik om hulle op te spoor.



Ons doen

Lees die onderhoud saam met jou maat. Een van julle moet die omroeper wees en die ander een Thembi.

Datum:



Ons skryf

Omkring die letter langs die regte antwoord.

| Wat is die hoofdoel van hierdie radio-onderhoud? | |
|---|---|
| A | Om vir mense te vertel hoe om 'n brand te blus |
| B | Om mense aan te moedig om brandbestryders te word |
| C | Om die luisteraars inligting oor brandbestryders te gee |
| D | Om vir mense te vertel hoe beroemd Thembi is |

| Wat doen troeteldiere wanneer daar 'n brand uitbreek? | |
|---|---|
| A | Hulle kruip weg want hulle is bang. |
| B | Hulle hardloop uit. |
| C | Hulle soek 'n plek om uit te kom. |
| D | Hulle blaf hard sodat 'n mens hulle kan opspoor. |

| Waarom is Thembi nie bang wanneer sy 'n brand bestry nie? | |
|---|---|
| A | Sy het spesiale toerusting. |
| B | Sy is fiks en sterk. |
| C | Sy weet hoe om vure te blus. |
| D | Sy is te besig met die bestryding van die vuur. |

| Hoe bly sy fiks? | |
|---|---|
| A | Sy gaan gim toe. |
| B | Sy draf. |
| C | Sy draf en gaan gim toe. |
| D | Sy is van nature sterk. |



Ons skryf

Skryf 'n paar sinne oor wat jy eendag wil doen. Sê waarom jy dit wil doen.



# Wat ek wil word






Ons doen

Stel jou voor jy doen reeds die werk wat jy eendag wil doen. Doen hierdie oefening saam met jou maat en maak beurte om met mekaar 'n onderhoud te voer.



| |
|---|
| Hoe lank is jy al 'n ______________________ ? |
| |
| Wat het jou laat besluit om 'n ______________ te word? |
| |
| Wat is vir jou lekker omtrent hierdie werk? |
| |

Onthou jy nog wat on- voor aan 'n woord beteken? Dit beteken nie. Wanneer ons -vol agter aan 'n woord bylas, beteken dit vol van.



Ons skryf


Doen hierdie woordsomme.

| | |
|---|---|
| on + rustig = | onrustig |
| on + gesê = | |
| on+ telbaar = | |

| | |
|---|---|
| kleur + vol = | |
| hoop + vol = | |
| gevoel + vol = | |

Maak 'n sin met 'n on-woord en 'n tweede sin met 'n vol-woord.

| |
|---|
| |
| |



Ons skryf


Vul die woorde in wat weggelaat is. Voltooi die tabel deur die trappe van vergelykings in te vul.

Ons noem die verbuiging van byvoeglike naamwoorde "trappe van vergelyking". Bv.: soet, soeter, soetste.

| | | |
|---|---|---|
| lank | | langste |
| | sterker | |
| groot | | grootste |




Datum:



**Vir die pret**


Voltooi hierdie vergelykings deur die korrekte diere se name in te vul.

> Ons beskryf iets dikwels deur te sê dit is soos iets anders. As iemand groot skrik, sê ons byvoorbeeld: "Sy gesig was so wit soos 'n laken." Dit word 'n vergelyking genoem. Ons gebruik dikwels diere in vergelykings.
























1. So groot soos 'n olifant
2. So sterk soos 'n ______
3. So besig soos 'n ______
4. So stadig soos 'n ______
5. So raserig soos 'n ______
6. So mak soos 'n ______
7. So slim soos 'n ______
8. So trots soos 'n ______
9. So slu soos 'n ______
10. So vriendelik soos 'n ______
11. Met 'n nek soos 'n ______ s'n
12. So honger soos 'n ______
13. So getrou soos 'n ______
14. So stil soos 'n ______
















1 olifant 2 bees 3 mier 4 skilpad 5 vink 6 lam 7 uil 8 pou 9 jakkals 10 tier 11 kameelperd 12 leeu 13 hond 14 muis

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Die sprinkaan en die mier






Fanie en Thandi gaan weer biblioteek toe. Vandag neem hulle 'n boek oor insekte uit. Kom ons kyk waaroor die boek handel.



Dit was 'n warm, sonnige dag en die miertjies was besig om mieliepitte en ander kos vir die winter weg te pak.

Stefaans die sprinkaan het gesing en getjirp en oral rondgespring. Hy het dit geniet om op sy kitaar te speel en het gesing tot die son ondergaan. Hy het die ry miere dopgehou wat graan insamel en wegbêre vir die winter.



Stefaans: Waarom hou julle nie op met werk en kom sing en dans saam met my nie?



Mier: O nee, ons is te besig. Die winter kom en ons moet kos wegbêre vir die koue dae. Stefaans, ou vriend, jy behoort dit ook te doen.

Stefaans: Ag nee, onsin. Ek gaan my nie nou daaroor bekommer nie. Die winter is nog ver en daar is baie kos.

Toe hou Stefaans die sprinkaan aan met dans en sing, en die miere hou aan werk.

Toe word dit winter. Stefaans die sprinkaan se kos is op. Hy is baie, baie honger. Hy gaan toe na die miere se nes.



Stefaans: Kan ek asseblief by julle iets kry om te eet? Ek sterf van die honger. Het julle nie 'n bietjie kos vir my nie?

Die mier gee hom toe 'n paar stukkies kos.



Mier: Jy het die hele somer gedans en niks kos weggesit vir die winter nie. Daar is 'n tyd om te werk en 'n tyd om te speel.



Die volgende somer het die sprinkaan hard gewerk om kos vir die winter bymekaar te maak. Hy het sy les geleer en hy wou nie weer honger wees nie.

Datum:

Ons skryf Beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Waarom is dit beter vir die spinkaan om sy eie kos bymekaar te maak? |
| |
| Wat sou met die sprinkaan gebeur het as die miere nie vir hom kos gegee het toe hy honger was nie? |
| |
| Dink jy die miere het die regte ding gedoen toe hulle vir hom kos gegee het? Hoekom? |
| |
| Op watter manier het die sprinkaan verander? |
| |
| Skryf 'n goeie naam vir hierdie storie neer. |
| |
| Kry vier werkwoorde in hierdie storie. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | |

Ons skryf Skryf die antoniem van elke vetgedrukte woord in die regterkolom.

ver smal koop bly

| | |
|---|---|
| Die skool is naby. | ver |
| Hulle verkoop lekkers. | |
| Die rivier is breed. | |
| Ek was baie hartseer oor die nuus. | |

Onthou jy nog wat 'n antoniem is? 'n Antoniem is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis as 'n ander woord.

Sigwoorde
eers
groot
hart
iets

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Tjirpende sprinkaan





Ons doen

Lees die beskrywing van die sprinkaan se liggaam en vul dan die regte byskrifte in.

**Agterlyf** – die sprinkaan se stertgedeelte. Al met die segmente langs is daar gaatjies waardeur hy asemhaal.

**Vlerke** – twee lang vlerke waarmee hy vlieg.

**Loopbene** – vier kort voorbene waarmee die sprinkaan loop.


**Oë** – twee oë wat uit baie klein ogies bestaan.

**Voelers** – twee voelers op sy kop wat hy gebruik om mee te voel en ruik.


**Kop** – vooraan sy lyf.

**Toraks** – die middeldeel van die sprinkaan se lyf, waaraan die bene en vlerke vas is.

**Springbene** – die groter, sterker agterbene waarmee hy spring.




Datum:



Ons skryf


Skryf wat hulle sê in die direkte rede oor. Gebruik aanhalingstekens.




Jy is vervelig, kom speel saam met my.

Die sprinkaan het gesê: "Jy


Jy moet kos bymekaarmaak vir die winter.





Kom ons dans.

Gee vir my asseblief 'n bietjie kos.





Vir die pret

Spoor hierdie woorde in die blokkiesraaisel op en trek 'n kring om elkeen.

agterlyf

bene, graseter, toraks, reën, sprinkaan, myne, joune, tor, kos, vlerke, aarde

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| a | v | o | g | r | e | a | j | y | t | o | r |
| g | s | t | r | u | a | k | o | s | x | z | e |
| t | o | o | a | k | s | z | u | q | w | z | e |
| e | r | r | s | p | r | i | n | k | a | a | n |
| r | z | a | e | r | i | t | e | h | a | o | m |
| l | h | k | t | u | g | n | q | o | r | u | y |
| y | o | s | r | h | s | e | x | n | d | g | n |
| f | v | l | e | r | k | e | h | b | e | n | e |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Oor die hele aarde vier ons fees





Ons lees

Oor die hele aarde is daar vakansiedae en feesvierings.

Ons kom nou aan die einde van Graad 3. Ons begin uitsien na Graad 4. Ons sien almal uit na die viering van ons eie feesgety.



Met Kersfees gee ons geskenke. Ons gee geskenke vir ons maats en familielede. Ons het 'n Kersboom in ons huis. Ons sit die geskenke onder die boom. Ons versier die boom en sit 'n ster bo-op. Met Kersfees eet ons baie lekker kos.

Ons kan nie wag vir Divali nie. Dit is wanneer ons baie lekkers en baie geskenke kry. Ons pak heerlike soetgoed en koekies in bokse en gee dit vir mense wat by ons kom kuier. Ons steek lampies aan en rangskik dit oral in die huis. Ons versier ons huis sodat dit baie mooi kan lyk.






Dit is binnekort Chanoeka. Dan sal ons baie kos hê om te eet. Ons eet graag pannekoek en oliebolle. Ons neefs en niggies kom vir ons kuier. Ons maak almal saam kos en steek kerse op in ons huis.

Een van die dae is dit Eid. Ek hoop ons kry mooi geskenke. Ons gee ook vir ons vriende mooi geskenke. Ons sal baie koek en lekkers te ete kry. Die vorm van die maan sê vir ons wanneer dit Eid is. Dit val elke jaar op 'n ander datum.




Datum:




Ons skryf

Watter geskenke kan jy maak om vir familielede en vriende te gee?



| Vir wie sal jy die geskenk gee? | Wat kan jy maak? |
|---|---|
| | |
| | |
| | |





Werk met woorde

Skryf die sinoniem van elke vetgedrukte word in die regterkolom.


Onthou jy nog wat 'n sinoniem is? Dit is 'n woord wat dieselfde betekenis as 'n ander woord het.

lekker    mooi    jammer    geskenk

| | |
|---|---|
| Die koek is **heerlik**.  | lekker |
| Mamma is **pragtig** aangetrek. | |
| Ek is baie **spyt** daaroor. | |
| Ek het 'n wonderlike **present** gekry. | |

**Sigwoorde**

julle
kort
koud
laat




Ons skryf

Probeer die volgende inligting oor hierdie feesdae kry.

| Fees | Op watter datum val dit? | Ken jy iemand wat hierdie fees sal vier? |
|---|---|---|
| Kersfees | | |
| Divali | | |
| Eid | | |
| Chanoeka | | |


NOORD-AMERIKA
ATLANTIESE OSEAAN
SUID-AMERIKA
ONS WÊRELD


ARKTIESE SEE
EUROPA
ASIË
AFRIKA
STILLE OSEAAN
INDIESE OSEAAN
OSEANIË
ANTARKTIKA

# Jy is spesiaal.

# Jou hele liggaam is spesiaal.

# Jou liggaam behoort aan jou!



**NIEMAND behoort aan jou privaat liggaamsdele te raak nie.**

**As iemand aan jou privaat liggaamsdele raak, moet jy iemand daarvan vertel.**

**As iemand jou dinge laat doen wat jy nie wil doen nie, moet jy iemand daarvan vertel.**



**Jy kan hierdie nommers bel:**

**Kinderlyn: 0800 05 55 55**


**Life Line: 0861 322 322**

**SAPD se noodnommer: 10111**


**SAPD se misdaadstopnommer: 086 00 10111**

**Kinderbeskermingseenheid: 012 393 2359/2362/2363**













*Finger puppets:*

*Cut out the finger puppets on the dotted black lines and fold on the dotted white lines. Now glue on the back where shown to form a finger puppet.*








glue here
glue here
fold here
fold here



